Click on logos to link to websites!

NATIONAL ACCOUNTING OLYMPIAD
Information Inside!

official online sponsor
CTU training solutions
corporate | career campus | recruits
Together we develop ICT Professionals

basic education
Department: Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

CAPS



# GR 11/12 learner & educator
# AFRIKAANS 1ste ADDISIONELE TAAL
## free study guide

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

*Guiding the leaders of tomorrow*

Download free study and career guides on www.proverto.co.za

2014 First Edition

www.proverto.co.za

# Request for FREE Study Guides Grade 11/12

**This page can also be copied!**

Name [ ] Date [ / /20 ]

Surname [ ]

School [ ] Grade [ ]

Home Language [ ] Male [ ] Female [ ]

**Where can Proverto post your guides to? (Home/Postal or School address)**

[ ]

[ ] Province [ ] Code [ ]

Tel [ ] Cell [ ] E-mail [ ]

**Which of the following guides would you like us to send you?**

| | | |
|---|---|---|
| Afrikaans 1ste Addisionele Taal [ ] | Physical Science [ ] | Life Science [ ] |
| English 1st Additional Language [ ] | Accounting/Rekeningkunde [ ] | *new 2015* Business Studies [ ] |
| Mathematics/Wiskunde [ ] | Tourism [ ] | *new 2015* Economics [ ] |

**Remarks on Study Guides:** [ ]

List your subjects and most recent symbols (if available).

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |


**Download free study guides by following the QR code to www.proverto.co.za**

**sms SG keyword (subject) and your email address to 40935 to receive the guides via email. Example:**

*SG ACCOUNTING charlie@yahoo.com*

Keywords: Maths, Science, Accounting, English, Afrikaans, Life Science, Tourism, Engineering

**Like us on Facebook!**


Please tell us about your future plans. Proverto will forward your details to the Universities, Colleges, financial institutions and our other advertisers.

**What career would you like to follow?** [ ]

*download your free career guide from www.proverto.co.za*

At

University [ ] College [ ] University of Technology (Technikon) [ ] Correspondence [ ]

Preferred institution [ ]

How do you plan to finance your studies?

Bursary [ ] Student Loan [ ] Own Fund [ ]

Do you want information regarding student loans?

Yes [ ] No [ ]

- Proverto Data Page 2014-Dep

**all educators/organizations: please request guides by sending us a letterhead from your school/organization – thank you**


E-mail: mail@proverto.co.za
Fax: (011) 764 6245

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Postnet Suite 137
Private Bag X2
Helderkruin
1733


**Please email/fax this form to us**

CTU training solutions
corporate | career campus | recruits

# Application for Registration 2015

*E-mail or Fax your completed application to enquiry@ctutraining.co.za / 086 607 0100*

## A PERSONAL DETAILS (APPLICANT)

REF_Proverto

**DATE OF APPLICATION**

Surname:

Full Names:

ID No:

Tel No:

SA Citizen: YES NO

Cell No:

Physical Address:

Code:

Postal Address:

Code:

Home Tel No:

Applicant Email:

Do you suffer from any medical conditions? YES NO

*If yes, please describe*

Do you make use of social media? YES NO

Facebook Name:

BBM pin/code:

Have you ever been convicted of any crime/s? YES NO

If yes, please describe

**Your preferred campus of choice:**

| | | |
|---|---|---|
| Auckland Park | Port Elizabeth | Nelspruit |
| Bloemfontein | Potchefstroom | Polokwane |
| Boksburg | Pretoria | Roodepoort |
| Cape Town | Randburg | Stellenbosch |
| Umhlanga | Vereeniging | |

**DETAILS OF PARENT/GUARDIAN**

Name:

Surname:

Occupation:

Employer:

ID No:

Tel No:

Cell No:

Email Address:

**Your programme choice of interest:** ***Entry requirements apply, see below*

| | |
|---|---|
| Dip: ICB Office Administration | Office Admin Exec |
| Dip: ICB Financial Accounting | Project Management |
| Dip: Computing & IT | Technical Support |
| Dip: HR Management | Networking/Cisco |
| Dip: Marketing Management | IT Engineer |
| Dip: Visual Communication | Application Development |
| Deg: Marketing Management | Web Development |
| Computer Aided Draughting | Graphic Design |

** Please refer to our programme requirements as outlined in the prospectus. A National Senior Certificate as minimum applies to all our programmes

## B EDUCATION

**SCHOOL DETAILS**

Name of last school attended:

Highest Grade Completed:

Matriculation Year:

*Other:*

Have you applied at other institutions for further studies? YES NO

*If Yes, please answer the following:*

Applied at another FET Institution YES NO

Specify above FET institution:

Applied to University YES NO

Specify above university:

**GRADE 12 SUBJECTS**

**List Subjects:**

**Please submit your Gr 11 and latest Gr 12 results**

**Tertiary Qualifications Obtained** (*Please submit a copy of qualification/s*)


| Degree/Diploma Other | Year | Qualification Name |
|---|---|---|
| | | |

pro-2014



Success starts at the
CTU Career Campus
0861 100 395
www.ctucareer.co.za
National Qualifications | International Certifications | Diplomas
Full Time Programmes
• Graphic Design
• Project Management
• IT Solutions Expert
• Computer Aided Draughting
• Software/App Development
• Web Development
• Networking/CISCO
• Diploma: Office Administration
• Diploma: Financial Accounting
*Ask us about our new programmes for 2015 (HR, marketing, etc.)
Why CTU?
• Small, facilitator-led classes
• Full time, part time & evening classes
• 1, 2 & 3 year programmes
• Relevant & updated programmes
• Workplace experience programme
• Recruits division
Auckland Park | Bloemfontein | Boksburg | Cape Town | Kimberley | Nelspruit
Polokwane | Port Elizabeth | Potchefstroom | Pretoria | Randburg | Roodepoort
Stellenbosch | Umhlanga | Vereeniging
CTU Career Chatz
CTU_Chatz
You Tube 1987ctu
27C5BBAE
CTU training solutions
corporate | career campus | recruits
Together we develop ICT Professionals
The Career Campus is a division of CTU Training Solutions (PTY) Ltd.
mictseta
education
Department: Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA







# EENHEID EEN GLO IN JOUSELF!

*Blaas soms jou eie beuel!*

**TAALVAARDIGHEDE**

**LUISTER EN PRAAT**
**SKRYF EN AANBIED**
**LEES EN KYK**
**TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**IN HIERDIE EENHEID GAAN JY**

- aan ‘n groepbespreking deelneem
- ‘n dagboekinskrywing doen, opsommings maak, ‘n advertensie ontwerp en ’n informele brief skryf
- leesstrategieë hersien
- selfstandig lees vir inligting en vrae beantwoord
- woordeboekvaardighede leer
- taal in konteks doen
- ‘n gedig lees en ontleed
- strokiesprente bespreek
- advertensies vergelyk
- jou kennis toets




## LUISTER EN PRAAT

**Gesels in groepe oor die waarde van ‘n positiewe selfbeeld. Leer jouself ken deur te hoor wat jou maats van jou dink. Onthou hulle raad kan jou help om jou selfbeeld te verbeter.**






## SKRYF EN AANBIED: ‘n Dagboekinskrywing

**Skryf wat jy geleer het omtrent jouself. Skryf jou doelwitte vir die toekoms neer. Skryf ook hoe jy voel oor hoe ander jou sien.**



**Onthou: ‘n Dagboek is privaat. Jy skryf oor jou gevoelens. Jy skryf vir jouself; uit die hart uit.**
**VOORBEELD:**

**Maandag 17 Februarie**

*Ek kan nie glo dat my maats ...*

Download this Free Study Guide at **www.proverto.co.za**
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by **www.proverto.co.za**



## LEESSTRATEGIEË

- **Vluglees** gee jou inligting oor die inhoud van die teks.
- **Soeklees** help jou om spesifieke inligting te soek.
  **Vluglees** en **soeklees** help jou om titels, visuele tekste, opskrifte subopskrifte, onderskrifte en grafiese inligting soos lettertipes, nommers, uitleg, tabelle, kaarte, ens., te verstaan. Jy kan dus ook voorspellings en afleidings oor die inhoud maak.
- **Studielees** laat jou aandagtig die inhoud van die teks lees om onbekende woorde se betekenis te verstaan, hoofgedagtes uit te lig, vrae te beantwoord en die inligting op te som.
- **Begripslees** help jou om die betekenis deeglik te verstaan en betekenis daaraan te gee.
- Wanneer jy **krities** lees, kan jy ‘n mening oor houdings, waardes, standpunte of sosiale en ander feite in die teks uitspreek.



## LEES EN KYK

**Pre-lees:** **Bestudeer eers die woordeskat. Kyk na die titel en illustrasie en voorspel waaroor die inligtingstuk gaan.**

**Selfstandig lees:** **Lees die inligtingstuk oor "‘N POSITIEWE SELFBEELD" aandagtig deur.**



## WOORDESKAT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **doelwitte** | *goals* | **bedruk** | *depressed* |
| **waarskynlik** | *probable* | **verlig** | *relieved* |
| **terneergedruk** | *depressed* | **verknies** | *fret/mope* |
| **doelbewus** | *purposeful* | **verlies** | *loss* |
| **twyfel** | *doubt* | **ydelheid** | *vanity* |
| **onderhandelbaar** | *negotiable* | **nederig** | *humble* |




# ‘N POSITIEWE SELFBEELD

**Dis nie maklik om ‘n tiener te wees nie. Paul Mc Kenna, die skrywer van** *"Instant Confidence: The Power to Go for Anything you want,"* **sê: "Die brein is soos ‘n rekenaar en jy kan dit herprogrammeer om anders te werk. Besluit wat jy graag wil wees en beweeg vorentoe." Onthou net: Dit verg oefening!**

**Stel vir jouself doelwitte. Besluit wat jou doelwitte is en skryf dit neer. Om jou denke in ‘n dagboek aan te teken, is goeie terapie. Dit wat jou bedruk laat voel, sal waarskynlik nie so erg lyk wanneer jy dit op papier sien nie. Dit kan stres verlig.**

**Leef in die oomblik en moenie die toekoms vrees nie. Dit maak jou terneergedruk om jou oor die verlede te verknies. Al het jy in die verlede ‘n paar foute gemaak, moet jy doelbewus afskeid van daardie tyd in jou lewe neem. Jy kan niks doen aan vyf minute wat verby is nie, maar jy kan iets aan die volgende vyf minute doen. Moet dit nie as ‘n verlies beskou nie – leer daaruit!**

*SMS* **SG ACCOUNTING** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Accounting study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

Mense met selfvertroue is altyd kalm, gelukkig en op hulle gemak, selfs as hulle stres. Hulle lyk ook asof hulle in beheer van hulle optrede is. Nes 'n glimlag, is selfvertroue aansteeklik. Dit kan vriende help om goed oor hulleself te voel. Dit help ook jou gesindheid as jy jou met mense wat positief en vol energie is, omring.

Jy moet nooit ophou om nuwe dinge te probeer nie, al voel jy onseker. Enigiets is moontlik – doen dit net. As jy jouself nie uit jou gemaksone druk nie, gaan jy nooit weet hoe ver jy kan ontwikkel nie. Twyfel is jou grootste vyand, terwyl selfvertroue 'n belangrike bestanddeel vir sukses is. Selfvertroue laat jou jou vrese oorkom, kanse waag en jou doelwitte najaag.

Hoe kry 'n mens daardie selfvertroue? Glo in jouself! Sê vir jouself jy kan enigiets doen en verruil jou negatiewe gedagtes vir opbouende gedagtes. Maak of jy hope selfvertroue het.

Oefen om in die spieël te kyk en jouself te verseker dat jy van jouself hou en dat jy goed lyk. Wees uniek en maak die beste van wat jy het. Die Engelse spreekwoord sê: "*Beauty is in the eye of the beholder.*" As jy dus dink jy lyk goed, dan lyk jy goed!

Wees trots op jouself. Dis nie ydelheid nie, dis nodig! Ons wil almal iemand spesiaals in ons lewe hê, maar om hom of haar te kry, moet jy eers jouself liefhê.

Gesondheid en fiksheid is nie onderhandelbaar nie en ook nie net 'n nuwe tendens nie. Dis 'n moet! Dit hou die gees en liggaam jonk.

Doen elke dag jou bes, wees nederig, ontwikkel jou talente, moenie mense oordeel nie, waardeer die eenvoudige dinge en moenie te ernstig wees nie – lag soms vir jouself! Kies geluk en hou op om jouself af te kraak!

**LEESBEGRIP EN TAAL IN KONTEKS:**
**Beantwoord die volgende geïntegreerde vrae.**



**Post-lees: Verstaan jy die artikel?**

1. **Wat, volgens** *par.2* **is die oorsaak van stres?**

2. *Par.3:* **Wat lei tot neerslagtigheid?**

3. **Kies die antwoord wat nie pas nie.**

   **As jy in die verlede flaters begaan het, moet jy:**

   - vergeet daarvan, want jy kan niks verander nie
   - opstaan en vorentoe beweeg
   - jou daaroor skaam en bekommer
   - nie die toekoms vrees nie

4. **Hoekom kan foute wat jy in die verlede gemaak het, vir jou voordelig wees?**

5. **Haal DRIE aparte woorde aan wat mense met 'n positiewe selfbeeld beskryf.**

6. **Watter eienskappe moet vriende wat jou negatiewe selfbeeld na 'n positiewe selfbeeld kan verander, hê?**

7. **Gee 'n rede waarom sommige mense bang is om nuwe dinge aan te pak?**

8. **Haal DRIE agtereenvolgende woorde aan wat as motivering kan dien as jy iemand wil verseker dat dit nie onmoontlik is om iets te doen nie?**

9. **Hoe kan jy uitvind waartoe jy alles instaat is?**

10. **Watter TWEE TEENSTELLENDE emosies kan jou sukses beïnvloed?**

11. **Wat kan 'n mens bereik deur in jouself te glo?**

12. **Verduidelik waarom dit moontlik as ydelheid beskou kan word as jy trots op jouself is?**

13. **Hoekom is gesondheid en fiksheid belangrik?**

14. **Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?**
    **14.1 Om mense te kritiseer, kan jou positiewer maak.**
    **14.2 Gee 'n rede om jou antwoord te motiveer.**



**TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES:**

**Maak seker jy verstaan al die taalstrukture en –konvensies voor jy die taal doen.**

**ANTONIEME** is woorde met min of meer die teenoorgestelde betekenis

**DIREKTE EN INDIREKTE REDE:**
Wanneer iemand se direkte woorde oorgedra word, noem ons dit indirekte rede. Die voornaamwoorde, woorde wat tyd en plek aandui, verander.
Ons gebruik **DAT** in die indirekte rede. As dit 'n vraag is, gebruik ons **OF**, maar indien daar 'n vraagwoord is, gebruik ons die **VRAAGWOORD**.
**DAT**, **OF** en **VRAAGWOORDE** is in groep 3; dus gaan die werkwoord na die einde van die sin. **Hy sê: "Ek gaan nou TV kyk."** Hy sê **DAT** hy nou TV gaan kyk. **Sy vra vir Chris: "Is jy moeg?"** Sy vra vir Chris **OF** hy moeg is. **Sy vra vir Anna:** "**WAT doen jy?**" Sy vra vir Anna **WAT** sy doen.
**As 'n bevel gegee word, kan ons dit op twee maniere doen, byvoorbeeld:**
**Hy beveel: "Jan, bly stil!"** Hy beveel Jan **OM STIL TE BLY.** Hy beveel Jan dat hy **MOET** stilbly**.**
Indien 'n aanhaling aan die einde van 'n sin is, skryf ons 'n punt na die laaste aanhalingsteken, byvoorbeeld:
Hy is 'n **"regte nerd".**

Voorbeelde van voornaamwoorde wat verander:

**ek word hy/sy**
**jy word hy/sy**
**myne word syne/hare**
**my (***Eng. "me"***) word hom** (manlik) **/haar** (vroulik)
**my (***Eng. "my"***) word sy** (manlik) **/haar** (vroulik)
**ons word hy/sy**
**julle word hulle**
**joune word syne/hare**

**LEER DIE VOLGENDE:**
**vandag word** daardie dag
**môre word** die volgende dag
**vanjaar word** daardie jaar
**volgende jaar word** die jaar daarna
**hierdie word** daardie
**hierheen word** daarheen
**gister word** die vorige dag
**oormôre word** oor twee dae
**verlede jaar word** die vorige jaar
**nou word** toe
**hier word** daar
**hiernatoe word** daarnatoe

*SMS* **SG AFRIKAANS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Afrikaans study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



**TAAL IN KONTEKS: Beantwoord die volgende geïntegreerde taalvrae.**

**1. Bestudeer die woordeboekuittreksel om die vrae wat volg te beantwoord.**

**ydel,** b.nw. en bw. **1.** Vatbaar vir vleiery; met jouself ingenome; praalsiek*: 'n ydel meisie, heerser, pronker.* **2.** Onbeduidend; ledig; ligsinnig; sonder enige nut: *Ydel vermake, woorde. Gods naam ydel gebruik.* **3.** Doelloos, vrugteloos; sonder enige grond: *ydele hoop,* wat nie vervul word nie. *'n Ydele vrees.* **4. Louter, niks as; pure:** *Ydele vertoon, pronkery.*

**ydelheid. 1.** Pronksug: *Iemand se ydelheid streel.* **2.** Verganklikheid: *Skoonheid, roem, eer is ydelheid.* **3.** (ydelhede). Onbeduidende, nikswerd dinge: *Die ydelhede van hierdie wêreld.*

**a) Uit hoeveel lettergrepe bestaan die woord "ydel"?**
**b) Gee 'n voorbeeld van 'n selfstandige naamwoord uit die uittreksel.**
**c) Onderstreep die agtervoegsel in "ydelheid".**
**d) Watter woordsoort is "ydelheid"?**
**e) Voltooi die taalreël: As 'n woord in die enkelvoud op "-heid" eindig, verander dit na "-________" in die meervoud.**

**2. Pas die woorde in Kolom A by hulle antonieme in Kolom B.**

| A | B |
|---|---|
| 1. Dit is nie **maklik** om 'n tiener te wees nie. | a) **moontlik** |
| 2. Moenie **agtertoe** beweeg nie. | b) **hede** |
| 3. Moenie **negatief** wees nie! | c) **moeilik** |
| 4. Wees **ontspanne.** | d) **opgewek** |
| 5. Moenie **bedruk** wees nie. | e) **onseker** |
| 6. Wees **seker** van jouself. | f) **vorentoe** |
| 7. Vergeet die **verlede**. | g) **onthou** |
| 8. As jy **misluk**, moet jy opstaan. | h) **positief** |
| 9. Niks is **onmoontlik** nie. | i) **slag** |
| 10. **Vergeet** mislukkings. | j) **gespanne** |

**3. Skryf die volgende sinne in die indirekte rede.**

**a) Hy sê vir haar: "Vergeet die verlede en beweeg vorentoe."**
**b) Hy vra vir sy vriendin: "Sal jy my help om my selfbeeld te verbeter?"**
**c) Sy het gesê: "Ek was gister baie terneergedruk."**
**d) Hy het gesê" Ek het verlede jaar baie teleurstellings gehad."**
**e) Sy het gesê: "Ek voel nou nie meer so negatief nie."**

**4. Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede.**

**a) Hy sê dat iemand met selfvertroue altyd kalm en positief is.**
**b) Sy vra of hy gespanne is.**
**c) Hy vra hoe sy so kalm bly.**
**d) Sy wil weet of hulle ook soms negatiewe gedagtes het.**
**e) Hy sê dat sy van al haar mislukkings in die verlede moet vergeet.**
**f) Hulle sê dat hulle nooit weer negatief gaan wees nie.**

Download this Free Study Guide at **www.proverto.co.za**
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by **www.proverto.co.za**

**5. Gee die regte vorm van die woorde tussen hakies.**

**Hoe (min) jy jou bekommer, hoe (goed) sal jy voel. Hoe (baie) jy van jouself hou, hoe (populêr) gaan jy wees. Hy is (gesond) en (fiks) as die meeste van sy spanmaats, maar sy doelwit is om die (fiks) in die span te wees.**

**6. Gee die meervoude van die woorde tussen hakies.**

**Een van die belangrikste (bestanddeel) vir sukses, is selfvertroue. ‘n Mens het baie (keuse) in die lewe. Almal het (teleurstelling) in hulle (lewe). (Kompliment) maak mense gelukkig.**

**7. Pas die letterlike betekenis in Kolom B by die figuurlike betekenis in Kolom A.**

| A | | B | |
|---|---|---|---|
| **1.** | **Jouself afkraak** | a) | Realisties wees |
| **2.** | **Jou eie beuel blaas** | b) | ‘n Beter begin maak |
| **3.** | **‘n Nuwe blaadjie omslaan** | c) | Iets moeiliks dadelik aanpak |
| **4.** | **Bek-af wees** | d) | Negatiewe dinge van jouself sê |
| **5.** | **Aanhouer wen!** | e) | Die stryd gewonne gee |
| **6.** | **Die bul by die horings pak** | f) | Jou eie roem verkondig |
| **7.** | **Die handdoek ingooi** | g) | Deur aan te hou, bereik ‘n mens jou doel |
| **8.** | **Skouer aan die wiel sit** | h) | Baie bly wees |
| **9.** | **Albei voete op die aarde hê** | i) | Alle kragte inspan |
| **10.** | **In die wolke wees** | j) | Baie mismoedig wees |



**SKRYF EN AANBIED: Maak ‘n opsomming**



**So skryf ons ‘n opsomming**

- **Lees die teks aandagtig deur.**
- **Onderstreep die hoofgedagte in elke paragraaf.**
- **Nommer die hoofgedagtes.**
- **Skryf elke hoofgedagte in jou eie woorde in een sin neer.**
- **Die inleiding en slot bevat nie altyd feite nie.**
- **Indien jy instruksies of wenke moet gee, moet jy elke sin met ‘n werkwoord begin.**
- **Korrekte taalgebruik is belangrik.**
- **Hou jou sinne kort deur ondersteunende gedagtes en byvoeglike naamwoorde uit te laat.**
- **Moenie hoofgedagtes herhaal nie.**
- **Jy mag minder woorde as die voorgeskrewe getal gebruik indien jou feite volledig is.**
- **Punte word afgetrek as jy nie die aantal woorde tel en neerskryf nie.**
- **Jy verloor punte as jy direk aanhaal of die voorgeskrewe aantal woorde oorskry.**

*SMS* **SG ENGLISH** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 English Language study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**OPDRAG:**

- **Skryf VYF maniere neer oor hoe om jou selfbeeld te verbeter.**
- **Skryf jou opsomming puntsgewys neer.**
- **Skryf net een hoofgedagte in 'n sin.**
- **Jy mag nie meer as 60 woorde gebruik nie**



**LEES EN KYK**

**In die storie wat volg, gaan jy leer dat 'n mens jou vrese te bowe kan kom as jy besluit dat niks onmoontlik is nie. Hierdie uittreksel is 'n voorbeeld van durf en moed.**

**Pre-lees: Voorspel waaroor die storie gaan deur na die opskrif en illustrasies te kyk.**





## PROBEER IS DIE BESTE GEWEER!



**Buite is dit vaal en mistroostig. Dit reën al dae lank. Terwyl die Wiskunde-onnie 'n voorbeeld op die bord skryf, dwaal Ansie se gedagtes. Die afgelope paar weke was nou nie juis lekker nie. Ansie draai om en kyk oor haar skouer, waar Sandra twee banke skuins agter haar sit. Sandra se vyandige blik laat haar vinnig vorentoe kyk.**

**Ansie voel verskriklik alleen en die triestige dag help beslis nie om dinge beter te laat lyk nie. Sy verlang vandag verskriklik na haar ma en haar maats by haar ou skool op die platteland. Omdat haar pa bevordering gekry het as bestuurder van die maatskappy, moes hulle stad toe verhuis. Hoekom moes sy nou in haar matriekjaar na 'n wildvreemde skool kom? Sy is al byna 'n kwartaal hier en het nog nie 'n enkele maat nie. In haar ou skool sou sy op die leerlingraad gewees het en ook die hoofrol in die skooldrama gespeel het. Sy het weer in haarself begin glo en kon al die hartseer en negatiewe gedagtes wat sy nie kon verwerk nie, opsy skuif na haar ma se skielike dood.**

**Sy wil ook nie eintlik maats maak nie, want die meisies lyk katterig, veral Sandra en Marie om wie almal draai. Toe sy hulle nou die dag uitvra oor die oudisies vir die skooldrama, het Sandra haar aangegluur en spottend gesê dat sy nie haar tyd moet mors nie, want dit was 'n uitgemaakte saak dat sy en Chris, die breker van die skool, altyd die hoofrolle speel. Wel, Sandra is pragtig en sal seker 'n ideale heldin wees. Ansie is nie seker hoe mense haar sien nie. Haar drama-onderwyseres het altyd gesê sy is 'n gebore aktrise en haar vriendinne het gesê sy is *okay* wat *looks* betref en is buitendien dierbaar en 'n opregte vriendin. Sy wens net sy kan van haar bril ontslae raak.**

**Sy maak haar oë toe en sy verlang na hulle ou huis en haar ma se sagte hande en die warm kombuis. Haar oë vlieg oop toe sy besef dis die einde van die periode. Daar en dan besluit sy dat sy vanmiddag na die oudisie sal gaan.**

**Ansie se hart klop in haar keel toe sy die dramaklas binnestap. Sandra kyk haar op en af asof sy nie daar hoort nie. Juffrou Meyer vra vir Sandra om eerste te lees. Sy is briljant en kyk uitdagend na Ansie toe sy klaar is. Almal klap hande.**

**"Volgende, laat ek sien ... Ansie Vosloo.!"**

**Toe haar oë op die woorde val, ruk haar maag en dit voel of 'n groot hand haar keel toedruk. Ansie byt haar lip vas, sy sluk en begin weer asemhaal. Skielik sien sy haar ma se sagte oë trots na haar kyk. Juffrou Meyer kyk verbaas op toe sy met oorgawe begin lees. Sandra en Marie fluister iets vir mekaar, maar sy laat niks haar van stryk bring nie. Toe sy klaar gelees het, kyk Ansie koelkop na die ander en sy weet dat haar Ma baie trots op haar sou wees as sy daar was.**

**Chris, klap saggies hande.**

**"Bravo, Ansie, bravo!"**

**Post-lees: Verdeel in groepe en voorspel wat verder gaan gebeur. Beantwoord die volgende begrips- en kontekstuele vrae.**

**Voltooi die laaste kolom na aanleiding van die storie. Maak seker dat jy die litirêre begrippe verstaan.**

| | | **Bewyse uit die verhaal** |
|---|---|---|
| **Verteller** | **'n Derdepersoonsverteller** vertel iemand anders se verhaal.<br>**'n Eerstepersoonsverteller** is gewoonlik 'n karakter in die verhaal (ek-verteller) | |
| **Tema** | Dit is die onderwerp waaroor die verhaal gaan | |
| **Hoofkarakter** | Hoe lyk die karakter: voorkoms, handeling, houding en persoonlikheid | |
| **Ruimte** | Die plek waar die verhaal afspeel | |
| **Tyd** | **Verteltyd:** Hoe lank neem dit om die verhaal te voltooi?<br>**Vertelde tyd:** By 'n geskrewe verhaal word dit aan die aantal bladsye of woorde gemeet. | |
| **Agtergrond** | Dit is die tyd en agtergrond waarteen die verhaal afspeel. Dit sluit ook die tyd en ruimte van die verhaal in | |
| **Intrige** | Dit is hoe die gebeure die een na die ander plaasvind | |
| **Konflik: Uiterlike konflik**<br>**Innerlike konflik** | **Uiterlike konflik:** Konflik soos 'n argument, rusie, ens.<br>**Innerlike konflik:** Konflik in 'n karakter se gemoed. | |
| **Boodskap** | Dit is die lewensles wat die leser leer | |

*SMS* **SG LIFE SCIENCE** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Life Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

## LEES EN KYK: ‘n Gedig: Glo in jouself

**Pre-lees en lees: Voorspel waaroor *Glo in jouself* gaan deur na die titel en illustrasie te kyk. Maak eers seker jy verstaan die woorde in die woordblok. Neem beurte om die gedig hardop te lees.**



## GLO IN JOUSELF

**Glo in jouself,
wees eerlik en opreg.
Dit baan die weg
vir vertroue en respek
wat baie goeie vriende betrek.
Maak asof jy hope selfvertroue het -
dit sal jou van negatiewe gedagtes red.
‘n Positiewe selfbeeld,
‘n koel jy,
swartgalligheid lankal verby.
Jy moet altyd positief wees,
probeer soms ongewone dinge -
dis goed vir die gees.
As jy misluk
staan op -
mismoedigheid moet dadelik stop.
Wees koelkop as iemand jou kritiseer,
kalmeer voordat jy reageer.
Luister aandagtig as iemand praat,
vra soms jou vriende se raad.
Erken as jy ‘n fout begaan -
die mense wat jou liefhet sal verstaan.
Doen net elke dag jou bes -
motivering sal sorg vir die res.
Al is mense verbaas,
kan jy maar op die regte tyd en plek
soms jou eie beuel blaas.**

### WOORDESKAT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **eerlik** | *honest* | **opreg** | *sincere* |
| **vertroue** | *trust* | **respek** | *respect* |
| **betrek** | *involve* | **selfvertroue** | *confidence* |
| **swartgalligheid** | *depression* | **ongewone** | *unusual* |

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die gedig?**

**1. Wat is die titel van die gedig?**

2. Sê in een sin waaroor die gedig handel.

3. Wat is die gevolg van eerlikheid en opregtheid?

4. Wat sal negatiewe gedagtes laat verdwyn?

5. Haal TWEE aparte woorde aan wat min of meer dieselfde as neerslagtigheid beteken.

6. Voltooi: Die gedig sê: Jy moet altyd positief wees, nooit ___ nie.

7. Watter goeie raad word gegee indien jy nie suksesvol is nie?

8. In die gedig word ons belet om oor ons prestasies te spog.
   a) Is die stelling WAAR of ONWAAR?
   b) Motiveer jou antwoord deur uit die gedig aan te haal.

9. Haal EEN woord aan wat impliseer dat jy partykeer jou vriende moet raadpleeg.

10. Voltooi die sin om te verduidelik hoe jy moet optree as iemand jou kritiseer deur die korrekte vorms van die woorde tussen hakies te gee.

    Jou (reageer) ____ moet (kalmeer) ____ wees.

11. Hoekom is dit belangrik om soms buitengewone dinge te doen?

12. Haal voorbeelde van alliterasie en assonansie uit die gedig aan.

13. Haal 'n voorbeeld van rym aan.

14. Skryf 'n voorbeeld van enjambement neer en beskryf die funksie daarvan.

15. Wat is die gedig se boodskap?

16. Wat is die tema van die gedig?

17. Hoe pas die titel by die inhoud van die gedig?




**LUISTER EN PRAAT: Bespreek spotprente**
**Kyk na die spotprente en bespreek die vrae in julle groepe of met 'n maat.**

**1.**





*SMS* **SG MATHS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Maths study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**2.**




**3.**




1. **Wat word in elke spotprent uitgebeeld?**
2. **Watter boodskap word deur elkeen oorgedra?**
3. **Dink jy die boodskap word doeltreffend oorgedra?**
4. **Met watter spotprent kan jy identifiseer?**

**LEES EN KYK: Spotprente**
**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die spotprente?**

1. **Die seun verwag dat die onderwyseres** *(Spotprent 1)*
   - **hom gaan prys**
   - **hom gaan afkraak**
   - **hom gaan vlei**
   - **hom gaan komplimenteer**

2. **Ria, het** *(Spotprent 2)*
   - **min selfvertroue**
   - **'n negatiewe selfbeeld**

- **‘n onrealistiese selfbeeld**
- **geen vertroue in haarself nie**

3. **Wat is die geïmpliseerde betekenis van Sue se woorde in die laaste raampie?** *(Spotprent 2)*
   - **Ria is nederig**
   - **Ria is selfbewus**
   - **Ria dink te veel van haarself**
   - **Ria is negatief**

4. **Wat is, volgens Sue, ‘n vereiste vir gewildheid?** *(Spotprent 2)*

5. **Hoekom het hy aan die einde van die dag gesê hy gee nie om wat mense van hom dink nie?** *(Spotprent 3)*

6. **6.1 Dink jy die voorligter se raad was goed?** *(Spotprent 3)*
   **6.2 Motiveer jou antwoord deur jou eie mening te gee.**

7. **7.1 Dink jy sy vriendin is simpatiek?** *(Spotprent 3)*
   **7.2 Hoekom sê jy so?**

**TAAL IN KONTEKS: Die infinitief, voorsetsels en ontkenning**



**TAALKONSTRUKSIES EN –KONVENSIES**
**Lees die inligting hieronder voordat jy die opdragte uitvoer.**

**DIE ONTKENNING**

- ✓ Ons gebruik die bywoord, **“nie”** om die ontkenning aan te dui.
- ✓ Kort, enkelvoudige sinne het **net een “nie”,** byvoorbeeld: “Sy glimlag **nie**.”
- ✓ Ons gebruik die **dubbele ontkenning** by langer sinne, byvoorbeeld: “Sy het **nie** baie selfvertroue **nie**.”
- ✓ Die tweede **“nie”** kom gewoonlik aan die einde van die sin, byvoorbeeld: **“**Hy het **nie** gedink dat sy van hom hou **nie**.”
- ✓ As ‘n sin met **want, omdat, aangesien, dus, derhalwe, daarom** verbind word en dit in die ontkenning geskryf moet word, het die sin gewoonlik **vier nie’s**, anders maak dit nie sin nie, byvoorbeeld: Hy bly in die bed **aangesien** hy siek is. Hy bly **nie** in die bed **nie, aangesien** hy **nie** siek is **nie.**
- ✓ **Bevele: Praat** oor jou prestasies! **Moenie** oor jou prestasies praat **nie!** Glimlag **asseblief** meer! **Moet asseblief nie** meer glimlag **nie!**
- ✓ **Die volgende woorde verander in die ontkenning:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **al(reeds)** | → | **nog nie** | **...** | **nie** |
| **al ooit** | → | **nog nooit** | **...** | **nie** |
| **nog (steeds)** | → | **nie meer** | **...** | **nie** |
| **iemand** | → | **niemand** | **...** | **nie** |
| **êrens** | → | **nêrens** | **...** | **nie** |
| **iets** | → | **niks** | **...** | **nie** |
| **enige** | → | **geen** | **...** | **nie** |
| **altyd** | → | **nooit** | **...** | **nie** |
| **óf ... óf** | → | **nóg ... nóg** | | (geen **nie’s** nie) |

*SMS **SG SCIENCE** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**VOORSETSELS**
**Voorsetsels het nie betekenis as hulle op hule eie staan nie. Saam met ander woorde dui dit posisie aan.**

**DIE KORT INFINITIEF SAAM MET behoort** of **hoef**
- ✓ Jy gebruik net 'n **"te:** voor die werkwoord saam met **behoort** en **hoef,** nooit 'n **om** nie.
- ✓ Moenie **hoef** in positiewe sinne gebruik nie.
- ✓ Die volgende woorde kry ook net 'n **"te": blyk, skyn en deur**.



**TAAL IN KONTEKS**

**1. Skryf die sinne oor soos aangedui**

**a) Juffrou moenie iets sê nie!**
**Juffrou behoort ...**
**b) Jy moet van jouself hou.**
**Jy behoort ...**
**c) Hy is baie eensaam.**
**Hy blyk ...**
**d) Hy moet negatief wees.**
**Hy hoef ...**
**e) Deur vriendelik (wees), maak sy haarself gewild. (Gee die regte vorm van die woord tussen hakies.)**

**2. Voltooi die sinne deur korrekte voorsetsels in te vul.**

1. **Hy praat ___ die onnie.**
2. **Sy vriende hou nie meer ___ hom nie.**
3. **Ria praat ___ Sue.**
4. **Dit lyk of almal kwaad ___ hom is.**
5. **Ria vra ___ Sue raad.**

**3. Voltooi die onderstaande dialoog in die ontkenning.**

**Sue: Is jy altyd so verwaand?**

**Ria: Nee, ek is ___ verwaand nie.**

**Sue: Het jy nie meer vriende nie?**

**Ria: Natuurlik het ek ___ vriende.**

**Sue: Voel jy ooit eensaam?**

**Ria: Nee, ek voel ___ eensaam nie.**

**Sue: Is jy nog bekommerd oor jou gewildheid?**

**Ria: Nee, ek is ___ bekommerd oor my gewildheid nie, want ek is aantreklik en slim!**

Download this Free Study Guide at **www.proverto.co.za**
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by **www.proverto.co.za**

**Sue:** **Ek kan my ore nie glo nie. Nie alleen dink jy jy is aantreklik ___ ___ ____ dink jy jy ___ ___.**

**Ria:** **Het jy enige vriende?**

**Sue:** **Nee, ek het ___ vriende ___**



**SKRYF EN AANBIED: 'n Informele brief**

**Skryf 'n informele brief van 120 tot 150 woorde oor een van die volgende onderwerpe.**

- **Een van jou maats is baie eensaam, want hy het geen vriende nie. Jy voel baie jammer vir hom. Skryf nou 'n vriendskaplike brief waarin jy vir hom raad gee.**
- **'n Goeie maat is baie ongewild, want hy/sy blaas altyd sy/haar eie beuel. Probeer op 'n beleefde manier vir hom raad gee.**
- **Skryf aan 'n maat om raad te vra omdat jy geen selfvertroue het nie. Skryf wat die gevolg van hierdie negatiewe selfbeeld is.**

**Pre-skryf (Beplan)**
**Kyk na die formaat van 'n informele brief voordat jy skryf.**

| | |
|---|---|
| Smithstraat 19<br>West Lake<br>7945<br>Datum<br>**xxxxxxxx**<br>Beste John<br>**xxxxxxxxxx**<br>**Inleiding: (Dit is kort en gee die rede waarom jy skryf.)**<br>**xxxxxxxxxx**<br>**Brei uit op die rede vir die brief – ten minste twee paragrawe.**<br>**xxxxxxxxxx**<br>**Slot: (Dit is 'n kort paragraaf en rond die brief af.)**<br>**xxxxxxxxxx**<br>Jou vriendin<br>Mary<br>***OF***<br>Groete.<br><br>Mary<br>**Die einde (Dit kan verskillende vorms hê, bv., Julle seun/Jou vriend(in) - OF Groete./Liefde./ Liefdegroete.** | • Geen leestekens soos kommas of punte word by die aanhef, of slot gebruik nie.<br>• Die adres van die skrywer word regs, bo-aan in blokvorm geskryf. Die nommer word **NA** die straat-naam geskryf.<br>• Die datum word voluit geskryf: 19 Maart 2014<br>• Moet nooit 'n brief met "Hoe gaan dit?" begin nie.<br><br>• Laat 'n reël tussen paragrawe oop.<br>• Die brief bestaan uit 'n inleiding. liggaam en slot<br>• Voorbeelde van adresse:<br><br>Smithstraat 1 / Posbus 201<br>Uitbreiding / Pleknaam<br>Pleknaam / Kode<br>Kode |

- **Maak seker jy verstaan die opdrag.**
- **Gebruik 'n kopkaart om die brief te beplan.**
- **Kyk na die onderstaande rubriek om te sien hoe jou brief bepunt gaan word.**

*SMS* **SG TOURISM** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Tourism study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

# Lang transaksionele teks (30 punte)

| | Kode 7<br>Uitstekend<br>80-100% | Kode 6<br>Verdienstelik<br>70-79% | Kode 5<br>Beduidend<br>60-69% | Kode 4<br>Voldoende<br>50-59% | Kode 3<br>Matig<br>40-49% | Kode 2<br>Basies<br>30-39% | Kode 1<br>Ontoereikend<br>0-29% |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Inhoud, Beplanning en Formaat (20 punte) | 16-20<br>□ Gespesialiseerde kennis van vereiste teks.<br>□ Gedissiplineerd, geen afwykings nie<br>□ Teks algeheel samehangend. Alle detail ondersteun die onderwerp<br>□ Eerste poging lei tot feitlik foutlose, gepaste teks<br>□ Nodige reëls vir formaat toegepas/uitstekend. | 14-15½<br>□ Goeie kennis van vereistes van teks.<br>□ Gedissiplineerde skryfwerk; byna geen afwykings nie.<br>□ Inhoud en idees samehangend; alle details ondersteun die onderwerp.<br>□ Eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks.<br>□ Al die nodige reëls vir formaat toegepas/verdienstelik. | 12-13½<br>□ Redelike kennis van vereistes van teks.<br>□ Behou fokus: onbenullige afwykings.<br>□ Inhoud en idees samehangend; detail ondersteun die onderwerp.<br>□ Eerste poging lei tot gepaste, goeie teks.<br>□ Die meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend | 10-11½<br>□ Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>□ Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie.<br>□ Inhoud en idees voldoende samehangend; sommige van die detail ondersteun die onderwerp.<br>□ Eerste poging lei tot bevredigende teks.<br>□ Kennis van die reëls vir die formaat is voldoende. | 8-9½<br>□ 'n Gemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n oppervlakkige fokus.<br>□ Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is soms vaag.<br>□ Inhoud en idees gemiddeld, samehangend, basiese detail ondersteun die onderwerp.<br>□ Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gemiddelde/ redelike, verstaanbare teks<br>□ Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan. | 6-7½<br>□ 'n Elementêre kennis van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte fokus.<br>□ Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis soms verwarrend.<br>□ Inhoud en idees omtrent nie samehangend nie; min detail ondersteun die onderwerp.<br>□ Beplanning en/of eerste poging gebrekkig; teks nie goed aangebied nie.<br>□ Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag. | 0-6<br>□ Geen kennis van vereistes van teks nie.<br>□ Inhoud en idees is nie samehangend nie; te min detail ondersteun die onderwerp.<br>□ Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie; swak aanbieding van teks.<br>□ Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie. |
| Taal, Styl en redigering (10 punte) | 8-10<br>□ Teks: Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>□ Woordeskat toepaslik vir doel van teks.<br>□ Styl, toon en register baie toepaslik.<br>□ Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering.<br>□ Lengte korrek volgens vereistes. | 7-7½<br>□ Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel.<br>□ Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>□ Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik.<br>□ Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>□ Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | 6-6½<br>□ Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel.<br>□ Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>□ Styl, toon en register meestal toepaslik.<br>□ Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering.<br>□ Lengte is in ooreenstemming met vereistes. | 5-5½<br>□ Teks is voldoende saamgestel ten spyte van foute.<br>□ Woordeskat is voldoende vir doel van teks, gehoor en konteks.<br>□ Styl, toon en register voldoende.<br>□ Teks het steeds foute na proeflees en redigering.<br>□ Lengte is amper korrek. | 4-4½<br>□ Teks is basies saamgestel; verskeie foute.<br>□ Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>□ Styl, toon en register toon gebreke.<br>□ Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering.<br>□ Lengte is kort/te lank. | 3-3½<br>□ Teks is swak en moeilik om te volg.<br>□ Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie.<br>□ Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie.<br>□ Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.<br>□ Lengte is te kort/lank. | 0-2½<br>□ Teks is swak saamgestel en verwarrend.<br>□ Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie.<br>□ Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie.<br>□ Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.<br>□ Lengte heeltemal foutief. |



## LEES EN KYK: Vergelyk en assesseer advertensies

**OPDRAG:**

- **Werk in groepe en ontleed die twee advertensies.**
- **Dui die kriteria-verskille tussen die twee advertensies aan.**
- **Watter advertensie is na jou mening die beste? Motiveer jou keuse.**
- **Rapporteer dan julle bevindings aan die klas.**




*SMS* **SG ACCOUNTING** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Accounting study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



**KURSUS AANGEBIED DEUR KOELKOP-GROEP**

# VERBETER JOU SELFBEELD

Voel jy altyd negatief?

- Het jy geen vriende nie?
- Is die stres te veel?
- Haat jy jouself?
- Dink jy jy is hopeloos?
- Is jy ongelukkig?
- Voel jy altyd minderwaardig?



*As jy "Ja!" antwoord op hierdie vrae, is dié kursus vir jou!*

"WEES KOEL!" is 'n kursus vir almal wat van 'n negatiewe selfbeeld ontslae wil raak.

Hoe gaan hierdie kursus jou selfbeeld verbeter?

- Deskundiges gaan wenke gee hoe om van negatiewe gedagtes ontslae te raak.
- Jy gaan leer om in jouself te glo en trots op jouself te wees.
- Jy gaan leer om vir jouself realistiese doelwitte te stel.
- Ná hierdie kursus sal jy die toekoms positief aanpak en van al jou flaters in die verlede vergeet.

**Stel jy belang?**
**Doen dan net een van die volgende:**

- **Stuur 'n e-pos aan ons by lisa@weeskoel.co.za**
- **Skakel 021 88611255**
- **Faks aan: 021 88611254**

**Kursus vanaf 3 tot 5 Oktober 2014**
**Wynberg Seunskool, Kaapstad**
**Bespreek voor 15 September**
**Koste: R2000**

| KRITERIA | Advertensie 1 | Advertensie 2 |
|---|---|---|
| **Teikengroep:** Vir wie is die advertensie bedoel? | | |
| **Naam van diens:** Wat word geadverteer? | | |
| **Doel:** Wat is die doel van die advertensie? | | |
| **Boodskap:** Wat is die boodskap van die advertensie? | | |
| **Waardes:** Watter houdings word oorgedra? | | |
| **Visuele beelde:** Oorreed die visuele beelde lesers om te reageer? | | |
| **Taal:** Word daar van idiomatiese uitdrukkings, vergelykings en herhalings gebruik gemaak? | | |
| **Eie mening:** Watter advertensie is geslaagd? Motiveer jou antwoord. | | |
| **Tegnieke:** Word tegnieke soos opskrifte, prente, letterspasies, illustrasies, kleur, formaat, rame, ens. gebruik? | | |



**SKRYF EN AANBIED: Advertensie**

**Ontwerp julle eie advertensie (kort transaksionele teks)**

**Opdrag:** **Ontwerp 'n advertensie vir 'n praatjie oor "'n Positiewe Selfbeeld" by die skool.**



- Onthou die ABBA-beginsel. Jou advertensie moet:
  - A: aandag trek
  - B: belangstelling wek
  - B: begeerte wek
  - A: die leser tot aksie laat oorgaan

**Maak ook seker van die volgende:**

- Lettertipes, -groottes kleur en ontwerp moet treffend wees
- Die teks moet duidelik en leesbaar wees
- Inligting moet duidelik wees
- Taalgebruik moet lesers oorreed
- Die lettertipe, -grootte en -kleur en hoe en waar woorde in die advertensie geplaas word, word die tipografie genoem

**Groepassessering: Groepe moet mekaar se advertensies aan die hand van die volgende kontrolelys assesseer. Lewer kommentaar en maak aanbevelings sodat die advertensies verbeter kan word.**

| Kriteria | Ja | Nee | Kommentaar |
|---|---|---|---|
| Geen taal- en spelfoute kom voor nie | | | |
| Dit is duidelik wie die teikengroep is | | | |
| Die advertensie is oorspronklik, kreatief en gepas | | | |
| Die adverteerder se besonderhede is volledig | | | |
| Die letterstyl en –grootte sluit by die boodskap aan | | | |
| Die illustrasies is effektief en gepas | | | |
| Die styl en taalgebruik is kreatief en oorredend | | | |



**SKRYF EN AANBIED: Maak 'n opsomming**

**Lees weer die tweede advertensie. Wat gaan jy alles tydens hierdie kursus leer?**

- Skryf wat jy alles gaan leer in vyf volsinne van 60 tot 70 woorde.
- Skryf die sinne onder mekaar neer.
- Gebruik sover moontlik jou eie woorde.
- Dui aan hoeveel woorde jy gebruik het.



**TOETS JOU KENNIS!**
**Bestudeer die strokie en voer die opdragte uit.**




SMS SG AFRIKAANS to 40935 followed by your email address to receive your free Gr 12 Afrikaans study guide in your inbox. (SMS costs R3)

**1. Gee antonieme vir die onderstreepte woorde**

a) Dit lyk of hy baie <u>opgeruimd</u> is.
b) Hy is beslis nie <u>hoogmoedig</u> nie.
c) Hy beter <u>onthou</u> wat sy van hom dink.
d) Hy voel nou <u>positief</u>.
e) Hy lyk ook baie <u>gespanne</u>.

**2. Voltooi die sinne deur die korrekte voorsetsels in te vul.**

a) Hy praat ___ sy vriendin.
b) Hy is baie kwaad ___ haar.
c) Hy is trots___ sy voorkoms.
d) Hy hou nie meer ___ haar nie.
e) ___ gevolg ___ haar interpretasie, voel hy weer baie negatief.

**3. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede.**

a) Hy vra vir haar: "Sal jy my met my selfbeeld help?"
b) Sy vra vir hom: "Sal jy my met my probleem help?"
c) Hy sê: "Ek is baie aantreklik."
d) Sy sê vir hom: "Jy het 'n eienaardige sin vir humor as jy so dink."
e) Hy wonder: "Wat moet ek doen om meer selfvertroue te hê?"

**4. Voltooi die onderstaande dialoog in die ontkenning.**

Hy: Dink jy ek is aantreklik?

Sy: Nee, ek dink ___ jy is aantreklik ___?

Hy: Moet ek iemand anders vra om vir my raad te gee?

Sy: Nee, jy .........

Hy: Het jy al ooit so moedeloos gevoel?

Sy: Nee, .........

Hy: Ek is aantreklik en slim.

Sy: Nee, nie alleen ........

Hy: Dink jy my selfbeeld gaan ooit verbeter?

Sy: Nee, ek dink ........

**5. Skryf die afkortings uit.**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| a) | www | b) | asb. | c) | e-pos |
| d) | me. | e) | SA | f) | no/nr. |
| g) | h.v. | h) | b.o. | i) | bl. |





# EENHEID TWEE VERSLAWING



**TAALVAARDIGHEDE**

**LUISTER EN PRAAT**
**LEES EN KYK**
**TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**
**SKRYF EN AANBIED**


**IN HIERDIE EENHEID GAAN JY**

- deelneem aan 'n groepbespreking na aanleiding van 'n visuele teks
- 'n voorblad van 'n boek interpreteer en vrae beantwoord
- aandagtig lees vir inligting in 'n artikel
- taal in konteks doen
- inligting insamel en 'n verslag skryf
- 'n gedig hardop en selfstandig lees, ontleed en vrae beantwoord
- jouself toets

## LUISTER EN PRAAT




**Interpreteer die spotprent hieronder. Bespreek in julle groepe of julle saamstem dat jy aan ander dinge, behalwe rook, drank en dwelms verslaaf kan wees. Skryf julle menings neer en deel julle inligting met die ander groepe.**





SMS **SG ENGLISH** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 English Language study guide in your inbox. (SMS costs R3)



**LEES EN KYK: Lees die advertensie en kort resensie van 'n jeugboek. Pre-lees: Bespreek die voorblad in julle groepe. Wat suggereer die illustrasie?**

## SKILPOPPE

**Jeugverhaal: Afrikaans** **Skrywer: Barrie Hough**




**Hierdie boek is beskryf as 'n storie wat drama, teater en veral Shakespeare weer lewendig sal maak vir jeuglesers. Dit is verfilm en is vir die eerste keer op 27 September 2004 op M-Net uitgesaai. Skilpoppe het ook in 1998 die Sanlamprys verower.**

**Skilpoppe is die ontstellende verhaal van Anna Meyer, 'n slim graad 10 dogter wat op 'n wrede manier agterkom dat mense nie altyd is soos hulle op die oog af lyk nie, maar verskillende lagies het soos die Russiese Baboeschkas, of Skilpoppe - met die persoon se diepste mens-wees as die binneste poppie, wat min mense eintlik by uitkom.**

**Hierdie jeugverhaal handel oor komplekse temas soos selfmoord, dwelms, geweld en familie konflik.**

**Post-lees: Beantwoord die volgende vrae.**



**GEÏNTEGREERDE TAALVRAE EN LEESBEGRIP:**

**Skryf die onderstaande paragraaf oor soos aangedui.**

**1.** Hierdie boek word beskryf as 'n **storie** (Gee 'n sinoniem) wat Shakespeare **lewendig** (Gee die vergrotende trap) as voorheen maak. Dit is op **27 September 2004** (Skryf die datum oor – syfers in woorde en die afkorting van September) uitgesaai. Die **verower** (Gee die regte vorm van die woord - selfstandige naamwoord) van die Sanlamprys, was 'n bewys van die **hoog** (Gee die regte vorm van die woord) gehalte van die boek. Die storie is **ontstellende**. (Gee die regte vorm van die woord.) Dit is **eindelik/eintlik** (Kies die korrekte woord) 'n ideale boek vir tieners.

**2. Gebruik 'n verklarende en tweetalige woordeboek en gee die betekenis van die volgende woorde uit die teks.**

**a) lewendig**
**b) uitgesaai**
**c) wrede**
**d) lagies**

Download this Free Study Guide at **www.proverto.co.za**
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by **www.proverto.co.za**

**Maak eers seker jy verstaan homonieme en homofone voordat jy die volgende vraag doen.**



**TAALKONSTRUKSIES EN –KONVENSIES: HOMOFONE EN HOMONIEME**

- **Homofone** is woorde wat **dieselfde klink,** maar **verskillende betekenisse** het, bv.:
  Die man **ly** aan asma.
  Hy **lei** sy span met selfvertroue.
- **Homonieme** word **dieselfde gespel**, maar het **verskillende betekenisse**, bv.:
  Die klok **lui** aan die einde van die wiskunde-periode.
  Hy is baie **lui** en wil net sit en TV kyk.

**3. Maak twee sinne met elke woord om te wys dit het meer as een betekenis. (Homonieme)**

**a) weer**
**b) lyk**

**4.** Gee die enkelvoud van

**lagies**

**5.** Gee die meervoud van

**konflik**
**drama**
**jeugverhaal**
**oog**
**familie**

**6. Kies die korrekte antwoord.**

"Mense is nie altyd soos hulle op die oog af lyk nie", btk.

- **mense se oë lyk nie almal dieselfde nie.**
- **mense se innerlike verskil van hulle uiterlike.**
- **mense is soos hulle lyk.**
- **mense se oë verskil.**

**7. Dis maklik om iemand werklik te leer ken.**

**7.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR?**
**7.2 Motiveer jou antwoord deur uit die artikel aan te haal.**


**8. Hoekom is skilpoppe 'n geskikte naam vir die Russiese Baboeschkas?**

**9. Wie is die teikengroep van hierdie advertensie?**

*SMS* **SG LIFE SCIENCE** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Life Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



## LEES EN KYK en TAAL IN KONTEKS: GIFFEITE VAN VERSLAWING!



**Pre-lees: Maak seker dat jy weet wat die woorde in die woordblok beteken voordat jy die artikel lees. Dink jy die kunswerk van die artikel is 'n goeie aanduiding van die artikel se inhoud?**



### WOORDESKAT

| Afrikaans | *Engels* | Afrikaans | *Engels* |
|---|---|---|---|
| **ontaard** | *degenerate* | **beheer** | *control* |
| **lusteloos** | *listless* | **alledaagse** | *ordinary* |
| **beheptheid** | *obsession* | **uitlaatkleppe** | *escape valve* |
| **verwerk** | *process* | **opoffer** | *sacrifice* |
| **gebrek** | *shortcoming* | **gepaard gaan** | *coupled* |
| **geneig** | *inclined* | **drang** | *urge* |
| **in die haak** | *all right* | **beskadig** | *damage* |
| **aangetas** | *affected* | **versnel** | *accelerate* |
| **geweldsmisdaad** | *violent crime* | **beswyming** | *trance* |
| **aftakel** | *break down* | **prikkelbaarheid** | *irritability* |
| **lamsak** | *weakling* | **voet by stuk hou** | *stick to one's guns* |

## GIFFEITE VAN VERSLAWING

**Moenie dink dat verslawing slegs rook, drank en dwelms insluit nie. Word wakker! Daar is baie ander verslawings!**

**Verloor jy kop as jy by 'n winkel instap? Jy kan in 'n koopslaaf ontaard as jy nie jou koopgewoontes begin beheer nie en boonop gaan jy met geldelike probleme sit.**

**Voel jy lusteloos en verlore sonder jou selfoon? Dan is jy 'n verslaafde!**

**Al kan dit nie amptelik gediagnoseer word nie, kan alledaagse tegnologie en dinge soos koffie en sjokolade ook verslawend wees. Die obsessiewe gebruik van tegnologie, 'n eindelose koffiedrinkery of inkopie-beheptheid, is uitlaatkleppe om alledaagse stres te verwerk.**

**As jy jou sosiale verhoudingslewe opoffer om na jou gunstelingsepie te kyk, of as jy ure**

**lank na die skerm staar sonder om te onthou waarna jy gekyk het, is jy ‘n TV-slaaf. Ongesonde eetgewoontes en ‘n gebrek aan oefening gaan met TV-verslawing gepaard. Die internet en sosiale netwerke soos Facebook en Twitter het van die wêreld een groot kletskamer gemaak. Maar dit het ook sy nadele. Introverte en mense wat moeilik vriende maak, is meer geneig om aan die internet verslaaf te raak. Dit is ‘n gevaarteken as jy meer tyd aanlyn as saam met mense bestee, of as jy lieg oor hoeveel tyd jy aanlyn bestee.**

**‘n Drang om te presteer is ook verslawing. As jy by jou lessenaar sit en dink aan jol, is dit in die haak, maar as jy jol en dink aan werk, is dit ‘n probleem.**

**Baie mense raak aan oefening verslaaf. Wees versigtig: te veel oefening is ook nie goed vir jou nie.**

**Hoekom is rook gevaarlik? Rook beskadig die asemhalingstelsel, veral die longe en laat ‘n mens aan nikotien verslaaf raak. Jou fiksheid word aangetas en rook laat die hartklop versnel en die roker begin meer hoes. Tieners wat rook is drie tot vyf keer meer geneig as nie-rokers om alkohol te gebruik. Enige roker sal jou vertel hoe moeilik dit is om op te hou rook. Moet liewer nie begin nie!**

**Party tieners dink dis koel om “gerook” te wees, want dit laat jou ontspanne voel en jy vergeet van al jou ellende. Hierdie kamma-wêreld duur egter nie lank nie. As jy uit jou beswyming kom, is jou probleme nie opgelos nie, maar erger! Jy loop nou gevaar om ‘n verslaafde te word en dit is lewensgevaarlik!**

**Dan is daar steroïede. Die gebruik van hierdie middels, wat jou liggaam aftakel, raak ál hoe gewilder in Suid-Afrika, ook onder skoolkinders. Alhoewel dit talle newe-effekte het, gryp baie mense steeds na steroïede om spiere te bou, of die rekords op die sportveld te laat spat – en nou ook selfs om mooier te lyk. Dié middels is veral gewild onder jong seuns omdat dit groot spiere bou. Dit beperk ook spierskade tydens oefening sodat spiere die volgende dag nie so seer is nie en die seuns gouer weer in die gim kan kom. In Suid-Afrika is steroïede vrylik op die swartmark te kry. Die gebruik van steroïede lei tot onder andere, aggressiewe gedrag, slaapprobleme, angs en prikkelbaarheid vererger, aknee by ‘n adolessent wat nog nooit daarmee gesukkel het nie en groei wat vertraag word.**

**Sowat 60% van alle leerders wat drink, presteer swak op skool weens breinskade wat alkohol veroorsaak. Tienerdrinkers se kans om by geweldsmisdaad betrokke te raak, is ook drie keer groter.**

**Onthou, enige lamsak kan “ja” sê, maar dis veral moeilik om die eerste keer “nee” te sê. As jy egter voet by stuk hou, raak dit al hoe makliker.**

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die artikel?**

**1. Pas die woorde in die woordblok by die beskrywing daaronder.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **beswyming** | **beskadig** | **lamsak** | **drang** | **alledaagse** |

**a) Dit is ‘n ___ gebeurtenis dat tieners steoïede gebruik, nie seldsaam nie.**

*SMS* **SG MATHS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Maths study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**b) Tieners geniet dit om in ‘n ___ te wees, want hulle wil van hulle probleme vergeet.**
**c) Hy is ‘n regte ___, want hy kan niks weier nie.**
**d) Te veel alkohol kan jou lewer ___.**
**e) As jy eers verslaaf is, is die ___ na dwelms oorweldigend.**

**2. Watter woord in die inleiding kan met “net” vervang word?**

**3. Kies die korrekte antwoord.**
**“verloor jy kop”, beteken dat jy**
- **jou kopdoek verloor.**
- **nie in beheer is nie.**
- **‘n slimkop is.**
- **‘n kopseer het.**

**4. Gee ‘n moontlike oorsaak vir geldelike probleme.**

**5. Gee ‘n definisie van ‘n selfoonverslaafde.**

**6. Verduidelik waarom ongesonde eetgewoontes en ‘n gebrek aan oefening ‘n gevolg van TV-verslawing kan wees.**

**7. Watter eienskap pas nie by mense wat geneig is om aan die internet verslaaf te raak nie?**
- **selfversekerd**
- **teruggetrokke**
- **skaam**
- **stil**

**8. Noem TWEE waarskuwingstekens dat jy dalk aan die TV verslaaf is.**

**9. Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is deur ‘n sin uit die artikel aan te haal.**
Deur dwelms te neem, word al jou probleme opgelos.

**10. Noem TWEE nadelige gevolge van rook.**

**11. Gee EEN moontlike rede waarom tieners wat rook, nie goed op skool presteer nie.**

**12. Waarom is die beskrywing “kamma-wêreld” funksioneel?**

**13. Motiveer waarom “As jy egter voet by stuk hou” ‘n konnotiewe betekenis het.**

**14. Beskryf die persoonlikheid van ‘n TV-slaaf.**

**15. Wat is die geïmpliseerde betekenis van “Party tieners dink dis koel om “gerook te wees”?**

**16. Hoekom gebruik jong seuns steroïede t.s.v. die nadelige effekte?**

**17. Noem TWEE newe-effekte van steroïede.**

**18. Hoe sluit die illustrasies by die inleiding en teks aan?**

Download this Free Study Guide at
www.proverto.co.za
PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by
www.proverto.co.za



## TAAL IN KONTEKS:

**Kyk na die woordorde wanneer jy voegwoorde gebruik voordat jy die opdragte uitvoer.**



## TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES: VOEGWOORDE

**Voegwoorde word gebruik om sinne te verbind. Die woordorde verander na voegwoorde afhangende van die groep waarin hulle is.**

| **Groep 1** | **Groep 2** | **Groep 3** |
|---|---|---|
| **Geen verandering in woordorde in die tweede sin nie** | **Werkwoord direk na die voegwoord** | **Werkwoord in tweede sin skuif na die einde van die sin** |
| **en** *(and)*<br>**maar** *(but)*<br>**of** *(or)*<br>**dog** *(yet)*<br>**óf ... óf** *(either ... or)*<br>**nóg ... nóg** *(neither ... nor)*<br>**sowel ... as** *(as well as)* | **dus** *(therefore)*<br>**daarom** *(therefore)*<br>**derhalwe** *(therefore)*<br>**dan** *(then)*<br>**toe** *(then – past tense)*<br>**daarna** *(after that)*<br>**nogtans** *(nevertheless)*<br>**tog** *(yet)*<br>**intussen** *(meanwhile)*<br>**al** *(even though)*<br>**buitendien** *(besides)*<br>**anders** *(otherwise)*<br>**gevolglik** *(consequently)* | **dat** *(that)*<br>**omdat** *(because)*<br>**totdat** *(until)*<br>**voordat** *(before)*<br>**nadat** *(after)*<br>**sodat** *(in order that)*<br>**terwyl** *(while)*<br>**alhoewel** *(although)*<br>**aangesien** *(seeing that)*<br>**mits** *(provided that)*<br>**tensy** *(unless)*<br>**of** *(if, whether)*<br>**as** *(when)*<br>**wanneer** *(when)*<br>**toe** *(when – past tense)* |
| Hy rook, **maar** hy drink nie. | Hy rook en drink nie, **daarom** presteer hy goed op skool. | Hy is verslaaf aan die TV **omdat** hy geen vriende het nie.<br>**Omda**t hy geen vriende het nie, is hy aan die TV verslaaf. |
| **Onthou:** As jy **“nie alleen”** gebruik, moet jy **“maar ... ook”** gebruik en moenie die **tweede “nie”** vóór **“maar ... ook”** vergeet nie, byvoorbeeld: **Nie alleen** rook hy **nie**, **maar ook** drink hy te veel. | | |

**1. Verbind die volgende sinne met die voegwoorde tussen hakies.**

**a) Hy rook. Hy drink ook gereeld. (en)**
**b) Hy het groot spiere. Hy gebruik nie steroïede nie. (maar)**
**c) Sy moet sigarette weier. Sy hou op rook. (nadat)**
**d) Ongesonde eetgewoontes en ‘n gebrek aan oefening gaan met TV-verslawing gepaard. (Nie alleen)**
**e) Seuns wil groot spiere hê. Hulle gebruik steroïede. (daarom)**
**f) Hou matigheid voor oë. Jy kan verslaaf raak. (anders)**
**g) Jy drink te veel. Jy gaan geen beheer oor jou aksies hê nie. (Begin met As)**
**h) Hy hou van jol. Hy drink nooit te veel nie. (alhoewel)**

**2. Vervang die voegwoord “as” met tensy sonder om die betekenis te verander.**

**a) As hy nie ophou drink nie, gaan hy jammer wees.**
**b) As sy nie minder koop nie, gaan sy geldelike probleme hê.**
**c) Hulle gaan jammer wees as hulle nie nee sê nie.**
**d) Jy sal fikser wees as jy nie rook nie.**
**e) As jy nie steroïede gebruik nie, sal jy nie groot spiere hê nie.**

*SMS **SG SCIENCE** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**3. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies.**

**a) Baie tieners is (verslawing) aan dwelms.**
**b) Die (verwerk) van stres is soms baie moeilik.**
**c) Eetgewoontes wat (ongesonde) is, gaan met TV-verslawing gepaard.**
**d) Dwelms is (gevaarlik) as rook.**
**e) Sy het 'n (obsessiewe) met haar selfoon.**
**f) (Alkohol) drank kan verslawend word.**

**4. Gee die meervoude of verkleinwoorde van die onderstreepte woorde in die sinne.**

**a) Baie mense is (koopslaaf).**
**b) Baie kinders se ou (longe)** (verkleinwoord) **word beskadig.**
**c) Sy het nie baie (probleem) nie, net 'n paar klein (probleem).**
**d) Sy het 'n paar slegte (eetgewoonte).**
**e) Mense het deesdae 'n paar (TV) in hulle huise.**
**f) Sommige mense stuur talle (SMS) per dag.**
**g) Mense dink twee of drie klein (pil) per dag is skadeloos.**
**h) Die arme ou (man)** (verkleinwoord) **is haweloos.**

**5. Vind antonieme in die artikel vir die onderstaande woorde.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **a) gesond** | **b) lewenslustig** | **c) seldsame** | **d) vergeet** | **e) jok** |
| **(f) voordele** | **g) ekstroverte** | **h) veilig** | **i) maklik** | **j) roekeloos** |




**SKRYF EN AANBIED: Stel 'n vraelys op en skryf 'n verslag.**

**Hier volg 'n visuele beeld wat jy moet bestudeer en interpreteer.**
**Pre-lees: Grafiese teks**

**20 leerders is ondervra om uit te vind waarsonder hulle nie kan klaarkom nie.**

**Hoe belangrik is Tegnologie, Rook en Dwelms?**




**1. Waarsonder kan die meerderheid tieners nie klaarkom nie?**
**2. Hoeveel leerders is verslaaf aan die TV?**
**3. Tot watter gevolgtrekking kom jy wat rook en dwelms betref?**

**Werk saam met 'n maat en stel 'n vraelys op wat julle aan 20 leerders in julle skool kan gee om meer oor hulle houding teenoor rook, drank, dwelms, steroïedes, selfone, internet, en die TV agter te kom.**

**Die vrae moet goed beplan word, want jy gaan later 'n verslag oor jou navorsing en bevindinge skryf en 'n toespraak daaroor lewer.**

**Gebruik die volgende voorbeeldvrae, maar stel ook 'n paar van julle eie op.**

- **Dink julle verslawing is beperk tot rook, drank en dwelms?**
- **Het jy al gerook of gedrink?**
- **Het jy al dwelms gebruik?**
- **Hoekom het jy dit gedoen, indien wel?**
- **Dink jy dwelms kan van stres ontslae raak?**
- **Dink jy dit is wys om te rook, drink, of dwelms te gebruik?**
- **Dink jy dit is belangrik vir jong seuns om groot spiere te hê?**
- **Irriteer mense wat behep met hulle selfone is, jou?**
- **Dink jy tegnologie is nadelig vir sosiale verhoudings?**
- **Waaraan is die meeste tieners verslaaf?**
- **Dink jy dit is erger om aan tegnologie as aan dwelms verslaaf te wees?**
- **Om watter rede, dink jy, raak mense aan dwelms verslaaf?**

**Pre-skryf: (Beplan)**
**Lees die volgende wenke vir die skryf van 'n formele verslag.**



**Wenke vir 'n verslag:**

- **Gee die verslag 'n interessante opskrif (kop).**
- **'n Verslag word saaklik en formeel geskryf.**
- **Die taal en styl moet by die doel pas.**
- **Die inligting moet duidelik en logies gestel word.**
- **Gee 'n bondige, interessante inleiding wat die doel van die verslag beskryf.**
- **Verskaf kortliks inligting oor die vrae: Wie?/Wat?/Waar?/Wanneer? Die vrae kan subopskrifte wees.**
- **Verskaf nou meer inligting deur op die vrae uit te brei.**
- **Gee 'n treffende slot wat alles saamvat.**
- **Gebruik 'n kopkaart om jou verslag te beplan.**

**Skryf jou formele verslag**
- **Skryf jou eerste poging van jou verslag deur jou kopkaart (beplanning) te gebruik.**
- **Gebruik die korrekte formaat.**
- **Skryf ongeveer 150 woorde.**
- **Kies 'n gepaste titel.**

**Hersien, redigeer, proeflees en aanbied**
- **Gee jou verslag aan 'n maat om te redigeer en kommentaar te lewer.**
- **Lees dan self weer deur jou verslag, redigeer en korrigeer.**
- **Skryf die finale verslag en proeflees dit.**


*SMS* **SG TOURISM** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Tourism study guide in your inbox. (SMS costs R3)*




**LUISTER EN PRAAT: 'N FORMELE TOESPRAAK: Verslawing**

**Berei 'n toespraak van 2 tot 3 minute lank voor waarin jy verslag gee van die bevindinge van jou navorsing. In jou toespraak kan jy ook na jou eie houding verwys.**

**Kyk eers na die riglyne hieronder.**



**Riglyne vir 'n toespraak:**

- **Maak seker jy weet wat van jou verwag word.**
- **Die styl en register wat jy gaan gebruik moet by die doel van jou toespraak pas.**
- **Jou toespraak moet 'n inleiding, middelste gedeelte en 'n slot hê.**
- **Skryf jou toespraak uit en leer dit.**
- **Moenie die heeltyd na jou notas kyk nie.**
- **Praat duidelik en hoorbaar.**
- **Gebruik pouses om jou woorde betekenisvol te maak.**
- **Praat met oortuiging en gevoel.**
- **Maak oogkontak met die gehoor.**
- **Jy kan gebare gebruik, maar moet dit nie te veel doen nie.**
- **Sluit gepaste visuele materiaal in wat inligting verduidelik en die aanbieding interessanter maak.**



## LEES EN KYK: 'n Gedig: Net een keer ...

**Pre-lees en lees: Voorspel waaroor die gedig gaan en maak seker jy verstaan die woorde in die woordblok voordat jy die gedig hardop lees.**

## NET EEN KEER ...

**Wou net weet hoe dit voel –**
**net een keer ...**
**toe word dit elke keer meer en meer.**
**Stres iets van die verlede,**
**geen beheer oor my optrede.**
**Kokaïen –**
**soos 'n kruk om op te leun,**
**al een wat my ondersteun.**
**Die wêreld so wreed**
**het seker van my vergeet.**
**My kruk -**
**vernietig my wese stuk vir stuk.**
**Wasige wêreld ... ly is verby**
**Alleen in 'n duistere beswyming**
**Tik . . . net ek en jy.**
**Om in beheer te wees van jou lewe**
**is die vryheid waarna jy moet strewe.**
**Net jy alleen kan besluit hoe jy jou lewe wil lei**
**Sê "nee" voordat verslawing  jou ook onderkry!**





Download this Free Study Guide at
**www.proverto.co.za**
PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by
**www.proverto.co.za**

## WOORDESKAT

**Gebruik 'n verklarende en tweetalige woordeboek om die verklarings in Kolom B en die Engelse betekenisse in Kolom C by die woorde in blok A te pas.**

| KOLOM A | | KOLOM B | | KOLOM C | |
|---|---|---|---|---|---|
| a) | **beheer** | 1. | heeltemal oorgee aan | A | *crutch* |
| b) | **optrede** | 2. | verwoes/tot niet maak | B | *destroy* |
| c) | **kruk** | 3. | begeerte om 'n doel te bereik | C | *control* |
| d) | **vernietig** | 4. | heerlike/hemelse | D | *temporalily* |
| e) | **salige** | 5. | kontrole | E | *behaviour* |
| f) | **tydelik** | 6. | die weg aanwys | F | *lead* |
| g) | **duistere** | 7. | ekstase/vervoering | G | *addiction* |
| h) | **beswyming** | 8. | oorweldig | H | *dark* |
| i) | **strewe** | 9. | donker | I | *get the better of* |
| j) | **lei** | 10. | dien as steun | J | *heavenly* |
| k) | **verslawing** | 11. | gedrag | K | *trance* |
| l) | **onderkry** | 12. | vir 'n sekere tyd | L | *aspirations/aim* |

**Post-lees: Hoe goed verstaan jy die gedig?**

1. **Hoekom het die spreker aanvanklik dwelms geneem?**

2. **Wat was die gevolg van die dwelms wat hy gebruik het?**

3. **Hoe het die dwelms hom gehelp?**

4. **Haal 'n vergelyking uit die gedig aan.**

5. **Het die volgende twee reëls 'n letterlike (denotiewe) of figuurlike (konnotiewe) betekenis?**

   **"Kokaïen**
   **soos 'n kruk om op te leun"**

6. **Motiveer waarom die volgende stelling NIE WAAR is nie.**
   **Al die spreker se probleme is iets van die verlede nadat hy dwelms gebruik het.**

7. **Wat is die funksie van die herhaling in die volgende versreëls?**
   **"toe word dit elke keer meer en meer."**
   **"vernietig my wese stuk vir stuk."**

8. **Wat is die meeste mense se doelwit in die lewe?**

9. **Jy kan verslawing voorkom deur**

   - **dwelms af en toe te gebruik.**
   - **dwelms te weier.**
   - **dwelms net 'n paar keer te gebruik.**
   - **dwelms te probeer.**

10. **Watter raad word aan die leser gegee?**

*SMS* **SG ACCOUNTING** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Accounting study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



## TOETS JOUSELF

**Pre-lees:** **Kyk na die spotprent en bespreek dit met 'n maat voordat jy die opdragte uitvoer**




**1. Voltooi die volgende sinne. Kies die korrekte voegwoorde uit die woordblok.**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| omdat | daarom | tog | dog | nadat | alhoewel | aangesien | maar |

a) Hy is aan dwelms verslaaf; ___ is hy nie in beheer van sy lewe nie.
b) Hy rook ___ hy van sy bekommernisse wil vergeet.
c) Hy wil ophou rook, ___ rook hy nog tien sigarette per dag.
d) Sy vriend wil nie rook nie ___ hy nie verslaaf wil raak nie.
e) Hy drink altyd 'n drankie ___ hy gerook het.
f) Hy rook af en toe, ___ drink glad nie.
g) Hy is nie in beheer van sy optrede nie, ___ hy drink nie.
h) Sy vriend is geskok ___ hy niks sê nie.

**2. Verbind die sinne met die voegwoorde tussen hakies.**

a) Hy moet ophou rook. Hy sal fikser wees. (dan)
b) Hulle is nugter. Hulle drink nie te veel nie. (tensy)
c) Hy is lusteloos. Hy rook te veel. (aangesien)
d) Hulle koop dwelms. Hulle hou daarvan om "gerook" te wees. (want)
e) Hy voel skuldig. Hy gebruik dwelms. (nadat)

**3. Voltooi die sinne en let op die woordorde ná die voegwoorde.**

a) Rook is nadelig aangesien . . .
b) Hy gebruik ook steroïede omdat . . .
c) Hy is ook aan die internet verslaaf, want . . .
d) Hy kan nie nee sê nie; daarom . . .
e) Hy sê dat . . .

4. **Voltooi die volgende vergelykings deur die antwoorde in kolom B by die frases in kolom A te pas.**

| **Kolom A** | Kolom B |
|---|---|
| **a) Hy rook soos 'n** | 1. tandetrekker |
| **b) Hy is so arm soos 'n** | 2. kraai |
| **c) Hy lieg soos 'n** | 3. matroos |
| **d) Hy is so maer soos 'n** | 4. skoorsteen |
| **e) Hy vloek soos 'n** | 5. kerkmuis |

5. **Skryf die onderstaande sinne in die indirekte rede.**

**a) Hy sê: "In my familie gebruik geeneen dwelms nie."**
**b) Sy vriend wonder: "Hoekom rook jy dan?"**
**c) Hy sê vir hom: "Haal dadelik die sigaret uit jou mond uit!"**
**d) Hy vra vir sy vriend: "Wil jy enetjie probeer?"**
**e) Hy antwoord: "Ek sal nooit begin rook nie, want my nooi sal my die trekpas gee."**

6. **Voltooi die volgende sinne deur die korrekte voorsetsels in te vul.**

**a) Hy is verslaaf ___ sigarette.**
**b) Hulle ontmoet mekaar gereeld ___ die kroeg.**
**c) Hy gaan binnekort ___ sy verloofde trou.**
**d) Hy is dolverlief ___ sy meisie.**
**e) Hy stap ___ voet kroeg toe.**
**f) Hy gaan ___ taxi huis toe as hy te veel gedrink het.**
**g) Hy gaan vir haar 'n SMS ___ middel ___ sy selfoon stuur.**
**h) Hy rook vandag baie meer ___ vergelyking ___ ander dae.**
**i) Hy sal ___ haar blomme stuur as sy kwaad ___ hom is.**


7. **Kies elke keer die korrekte homofoon tussen hakies.**

**a) Jy (moed/moet) nie probeer nie, rook is gevaarlik.**
**b) Hy (lei/ly) aan asemhalingsprobleme as gevolg van al die rook.**
**c) Hy het (hart/hard) probeer ophou rook.**
**d) Hy het 'n (graat/graad) aan die universiteit behaal.**
**e) Hulle hou van kerrie en (reis/rys).**

8. **Skryf die sinne oor soos aangedui.**

**a) Hy moet beslis ophou rook.**
**Hy behoort ...**
**b) Hy moenie so baie drink nie.**
**Hy behoort ...**
**c) Hy drink baie, dus is hy altyd besope.**
**Deur so baie ...**
**d) 'n Mens moet dwelms gebruik om jou stres te verlig.**
**'n Mens hoef ...**
**e) Hy is beslis verslaaf aan sigarette.**
**Dit blyk dat ...**

*SMS* **SG AFRIKAANS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Afrikaans study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



# EENHEID DRIE WEES SUKSESVOL!

**TAALVAARDIGHEDE**

**LUISTER EN PRAAT**
**LEES EN KYK**
**SKRYF EN AANBIED**
**TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

**IN HIERDIE EENHEID GAAN JY**


- **‘n gedig lees en in groepe bespreek (motiewe, boodskap, temas)**
- **selfstandig en aandagtig vir inligting, boodskap en begrip lees**
- **na ‘n video oor ‘n suksesvolle persoon kyk**
- **pre-skryf**
- **‘n verhalende opstel skryf oor ‘n suksesvolle persoon wat jy ken/ ‘n bespiegelende opstel skryf oor ‘n suksesvolle persoon**
- **‘n opsomming maak oor wenke vir ‘n suksesvolle onderhoud**
- **‘n onderhoud voer met ‘n suksesvolle persoon en dit rolspeel**
- **taal in konteks doen: sinsoorte en sinskonstruksies; vraagwoorde; werkwoordtye; woordvorming; determineerders; verbeter taalfoute uit leerlinge se werk**

**GROEPBESPREKING**




**Lees die gedig en probeer die motief, tema of boodskap daarin raaksien. As julle die vrae eers beantwoord, sal dit makliker wees om bogenoemde te ontdek.**
**Hou in gedagte waaroor ons tema handel.**

**Wanneer jy die volgende gedig lees, sal jy met sekere emosies te doen kry. Al is die omstandighede soms teen jou, is dit net jy wat die regte of verkeerde keuse kan maak.**



Download this Free Study Guide at
www.proverto.co.za
PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by
www.proverto.co.za




**LEES, BESPREEK EN BEANTWOORD VRAE: ‘n Gedig: My keuse**

**Pre-lees en lees. Die titel sê alreeds vir jou waaroor die gedig handel.**

## MY KEUSE

**Pa, ‘n dronkaard**
**Ma, gelate …**
**die seer in haar oë**
**in my ingebrand**
**die haat ‘n vuur**
**wat verteer …**



**“My kind, jy’s uniek**
**jy’t ‘n keuse –**
**sterf of lewe**
**vergewe ...”**



**Die opstand ‘n muur**
**sy bloed in my are**
**waar moet ek heen?**

**maar die keuse is myne –**
**liefde bo haat**
**sukses bo mislukking**
**vergifnis …**





**wat ek daarvan maak**
**dít is myne …**

**Nadat julle die gedig in groepe bespreek het, bespreek dan die vrae en doen dit skriftelik.**


1. **Watter soort spreker het ons in die gedig? Motiveer.**
2. **Hoe affekteer sy/haar omstandighede die kind?**
3. **Watter teenstellende emosies tref ons in die gedig aan?**
4. **Waarom is die woorde in die tweede strofe in aanhalingstekens?**
5. **Wie se woorde, dink jy, is dit?**
6. **Watter vorm van beeldspraak kom in versreël 5 en 6 voor?**
7. **Vind self ‘n versreël waarin dieselfde beeldspraak voorkom. Haal dit aan.**
8. **Is versreëls 5 en 6 in strofe 1 denotief of konnotief gebruik? Verduidelik.**
9. **Watter woord dui ‘n wending of verandering in die gedig aan?**
10. **Wat beteken “sy bloed in my are” in strofe 3?**
11. **Dui aan, deur net ‘n P of N in die tweede kolom te skryf, watter woorde positief of negatief is.**

*SMS* **SG ENGLISH** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 English Language study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**POSITIEF OF NEGATIEF**

| | |
|---|---|
| 1. gelate | |
| 2. seer | |
| 3. haat | |
| 4. lewe | |
| 5. vergewe | |
| 6. opstand | |
| 7. verteer | |
| 8. liefde | |
| 9. sukses | |
| 10. mislukking | |
| 11. vergifnis | |





12. Dui 'n vorm van elisie aan. Wat is die funksie daarvan?
13. Met wie het die kind 'n goeie verhouding gehad? Hoe weet jy dit?
14. Waarom, dink jy, is die slotreëls 'n koeplet.
15. Wat is die tema van die gedig?
16. Wat, dink jy, is die boodskap wat die gedig wil oordra?
17. Wat is die toon van die gedig?
18. Watter woord, as verskillende woordsoorte, kom tweekeer voor? Wat is die funksie daarvan?
19. 'n Gedig sonder rym, noem ons 'n __________ .
20. Gee jou eie mening oor die gedig.

**Wanneer jy jou voorgeskrewe gedigte doen, volg dieselfde prosedure en sorg dat jy die vrae verstaan en in Afrikaans kan beantwoord.**

**WEES SUKSESVOL!**  **LEES EN KYK**


**Pre-lees:**  **Bestudeer eers die woordeskat. Kyk na die titel en illustrasies en voorspel waaroor die inligtingstuk gaan. Sien ook LEESSTRATEGIEË op bladsy 2.**

**Selfstandig lees:** **Lees die inligtingstuk oor "DINGE WAT SUKSESVOLLE MENSE DOEN."**

**WOORDESKAT**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **aksie** | *action* | **produktief** | *productive* |
| **besluite** | *decisions* | **emosionele** | *emotional* |
| **gemaksone** | *comfort zone* | **logiese** | *logical* |
| **eenvoudig** | *simple* | **perfeksionisme** | *perfectionism* |
| **verbeterings** | *improvements* | **waardes** | *values* |
| **eerlikheid** | *honesty* | **betyds** | *on time* |
| **nederig** | *humble* | **verhoudings** | *relationships* |

**DINGE WAT SUKSESVOLLE MENSE DOEN.**



1. **Daar is bloedweinig mense wat die sukses waaroor hulle droom, behaal. Die rede daarvoor is dat hulle nie tot aksie oorgaan nie. As jy net kennis opdoen, beteken dit nie groei nie. Jy moet eers tot aksie oorgaan en sorg dat die kennis wat jy opgedoen het jou lewe positief verander en moet dan nooit ophou leer nie. 'n Hoë IK of uitstekende punte is 'n begin, maar as jy dit nie vir jou laat werk om jou drome en doelwitte te bereik nie, beteken dit nie veel nie.**

2. **Almal kan besig wees, maar as jy nie produktief is nie, is jy nie suksesvol nie. Mense hardloop rond, het nooit tyd nie, voel baie belangrik, maar dis alles 'n illusie. Doen die belangrikste dinge eerste, een ding op 'n keer en onthou dat resultate belangriker is as die tyd wat ons bestee om dit te bereik. Neem logiese besluite waaroor jy alreeds kennis opgedoen het. Jou emosies moenie jou intelligensie oorheers nie. Luister na ander se menings en leer uit ander se foute.**

3. **Moenie dat perfeksionisme in die pad van jou sukses staan nie. Baie mense gee op, of misluk omdat alles perfek moet wees voordat hulle wil begin. Begin, gaan oor tot aksie en die res sal gebeur.**

4. **Suksesvolle mense werk buite hulle gemaksone. So baie mense wat sukses kan behaal, gebruik nie 'n geleentheid nie. Wees gereed wanneer geleenthede opduik, want jy weet nie wanneer jy weer 'n geleentheid gaan kry nie. Dis vreesaanjaend. Jy voel jy het nie genoeg kennis of vaardighede nie, maar wanneer gaan jy genoeg hê? Niemand voel ooit 100% gereed vir 'n geleentheid wat opduik nie!**

5. **Die oplossing is om dit eenvoudig te hou en gedurig verbeterings aan te bring. Kies iets wat jy dink gaan werk en probeer dit. As dit nie uitwerk nie, probeer iets anders.**

6. **Ken jou waardes. Eerlikheid, betroubaarheid en harde, sowel as goeie werk dra by tot sukses. Wees betyds, kom afsprake na, wees nederig en bou verhoudings, want dit gaan nie oor geld alleen nie, maar juis oor verhoudings. Moenie eensaam raak en later voel jy mis iets in jou lewe nie. Jou persoonlike verhoudings is nog steeds die belangrikste.**

7. **Matrikulante, dit is maar die begin. Almal van julle het drome, maar onthou hierdie dinge wanneer jy jou drome wil bewaarheid. Dit is ook van toepassing in jou matriekjaar. Laat dit die begin van groot dinge vir jou wees!**

*SMS* **SG LIFE SCIENCE** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Life Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**LEESBEGRIP: Beantwoord die volgende geïntegreerde vrae in jou werkboek.**

**1. Haal 'n woord in par. 1 aan wat <u>baie min</u> beteken. (1)**

**2. Waarom behaal so min mense sukses? (1)**

**3. Hoekom, dink jy, is 'n hoë IK en uitstekende punte nie altyd belangrik nie? (1)**

**4. Sorg dat jy gedurig besig bly, rondhardloop en belangrik lyk.**

**4.1 Is bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR? (1)**
**4.2 Motiveer jou antwoord deur VIER WOORDE aan te haal. (1)**

**5. Watter WOORD in par. 2, sou jy sê, is die belangrikste om sukses te behaal? (1)**

**6. Noem drie dinge wat belangrik vir sukses is. (3)**

**7. Haal 'n uitdrukking van VIER woorde wat beteken, 'om te keer', aan. (1)**

**8. Wat kan mense dwarsboom (par. 5) om suksesvol te wees? (1)**

**9. "Niemand voel ooit 100% gereed vir 'n geleentheid wat opduik nie."**

**9.1 Is bogenoemde sin in par. 5 'n FEIT of 'n MENING? (1)**
**9.2 Motiveer jou antwoord. (1)**

**10. Pas KOLOM B by KOLOM A. Kolom A is 'n sin of beskrywing en Kolom B is een woord daarvoor.**

| BESKRYWENDE SIN | WOORD | |
|---|---|---|
| 1. Die baas is baie beskeie. | A. eerlik(heid) | |
| 2. Niemand hoef hom op te pas nie. | B. waardes | |
| 3. Hy is altyd vroeg genoeg. | C. nederig(heid) | |
| 4. Sekere eienskappe is vir hom belangrik. | D. betroubaar(heid) | |
| 5. Die werkgewer is sonder bedrog. | E. betyds | |

**(5)**

**11. Waarteen word persone wat sukses behaal, gewaarsku? (1)**

**12. Verduidelik, waarom jy dink die prent aan die begin is funksioneel. (1)**

**[20]**

Download this Free Study Guide at
www.proverto.co.za

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Laai hierdie Gratis Studiegids af by
www.proverto.co.za

**SKRYF EN AANBIED: Maak 'n opsomming. (Sien bl. 6)**

**OPDRAG:**



- **Skryf SEWE dinge wat suksesvolle mense doen neer.**
- **Skryf jou opsomming puntsgewys neer.**
- **Skryf net een hoofgedagte in 'n sin.**
- **Jy mag nie meer as 70 woorde gebruik nie.**



**LEES EN KYK**

**Lees die strokiesprente van Meester en Neelsie.**

MEESTER




**Beantwoord nou die vrae.**

1. **Watter twee dinge in die strokiesprente is 'n bewys dat Neelsie nie regtig belangstel om suksesvol te wees nie.** **(2)**

2. **Neelsie neem twee besluite. Stem sy besluite ooreen?**

   **2.1 Sê net JA of NEE.** **(1)**
   **2.1 Motiveer jou antwoord.** **(1)**

*SMS* **SG MATHS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Maths study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

3. Hoe lyk Meester se gesigsuitdrukking in die tweede prentjie? (1)
4. Wat, in die laaste prentjie, is 'n teken dat Neelsie nie goeie maniere het nie? (1)

[6]



**LEES EN KYK**

## SUKSES IS NIE NET 'N DROOM NIE …

**Dis herfs. Die wind huil om die hoeke van die huis. Lisa staan by die venster en kyk hoe die wind die rooi, oker en die bruin blare opswiep, dwarrel en dan op 'n ander plek neersit.**

**Dis soos haar lewe, dink sy verwonderd. Sy het nie koers of rigting nie, sy's soos blare in die wind. Die lewe stamp haar rond en sit haar op plekke neer waar sy nie wil wees nie.**



**Waarom staan sy hier? Waar is al haar drome van sukses heen? Sy, wat gedroom het om eendag 'n beroemde sangeres te wees… Almal het tog gesê dat sy baie talentvol is, dat sy nog groot hoogtes gaan bereik. Groot hoogtes? Sy wonder of iemand dit nog onthou …**

**Vroeg in graad 11 het sy haar ma verloor, haar ma wat saam met haar kon droom. Sy't weer opgestaan, ten spyte van die seer, maar haar hart was gebreek. Sy het nog die hoofrolle in operettes gespeel en soms verlangend na haar viool gekyk, maar dit was al. Het sy toe haar dryfkrag verloor?**

**Nadat sy matriek met onderskeiding in Afrikaans, Musiek en Drama geslaag het, het sy gedink sy is die volgende idol. Die oudisie het sy met vlieënde vaandels geslaag en sy het deurgedruk tot die halfeindrondte. Sy was die liefling op die verhoog, die applous was altyd oorverdowend en selfs die beoordelaars het daarop gesinspeel dat sy die wenner moes wees.**



**Toe gaan alles verkeerd – sy word siek, beland in die hospitaal en longontsteking word gediagnoseer. Dit was neusie verby vir haar. Die teleurstelling was groot. Daarna was dit asof sy belangstelling verloor het. Sy het selde gesing en die viool was net 'n ornament in haar kamer.**

Haar liewe pa het seker gesien hoe sy dogter haar selfvertroue en sprankelende geaardheid verloor. Sy was dankbaar vir die uitkoms om in haar pa se firma te werk terwyl sy 'n musiekdiploma aan die universiteit van Suid-Afrika 'geswot' het. Dit het goed gegaan en sy het stadig maar seker haar selfvertroue herwin.

En toe kom die aanbod. Iemand, 'n rolprentmaker, het van die 'amper-idol' onthou en miskien 'n paar van die musiekkonserte waarin sy opgetree het, bygewoon. Hulle soek die regte persoon om in 'n nuwe musiekrolprent te speel. Haar emosies was 'n warboel – is sy goed genoeg; is sy gereed vir so 'n stap? Dit was heeltemal buite haar gemaksone. 'n Rolprent? Sy moes 'n intelligente besluit neem. Haar vriende se raad was: "Lisa, doen dit!" Sy was so gereed as wat kon kom en moes net die eerste tree gee… en sy het.

Vanaand is dit die openingsaand van die musiekrolprent, NUWE LEWE, wat vir maande geadverteer is. Die kritici kon net nie fout vind met Lisa Beukman, wat die hoofrol speel, se spel nie. Hulle voorspel 'n blink toekoms vir haar.

Lisa luister vir oulaas na die wind wat die blare opswiep en iewers neersit. Sy lag gelukkig, gryp haar aandsakkie en sluit die voordeur.

**ONTHOU: SUKSESVOLLE MENSE**

**SÊ NOOIT:**




**Ek MOES, ek WENS, ek sal PROBEER nie-**

**HULLE SÊ: Ek SAL !!**





Berei die verhaal voor vir <u>hardoplees.</u> Jy moet die verhaal verstaan en vrae daaroor kan beantwoord. Die diagram (bl. 9) sal help om te verstaan en ook hoe om enige kortverhaal te ontleed.




**TAAL IN KONTEKS**

1. Haal 'n voorbeeld van personifikasie in versreël 1 aan.
2. Soek 'n vergelyking en personifikasie in par. 2.
3. Wat is die funksie van die ellips in par. 3?
4. Is die gedeelte, "die lewe stamp haar rond", konnotief of denotief gebruik? Verduidelik.
5. Wat beteken die uitdrukking,"om met vlieënde vaandels te slaag"?
6. In par. 5, die laaste twee reëls, word 'n deelwoord gebruik. Haal dit aan.
7. Wat beteken die idioom, "dis neusie verby"?
8. Kyk hoeveel samestellings kan jy in die verhaal vind.

SMS **SG SCIENCE** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)

**HOE GOED VERSTAAN JY DIE KORTVERHAAL?**
**Bestudeer jou verhaal en vul die onderstaande diagram in. As jy nie seker is nie, blaai terug na bl. 8.**




Download this Free Study Guide at www.proverto.co.za
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by www.proverto.co.za



## SKRYF EN AANBIED: ‘n Onderhoud



**Jy is ‘n radio-omroeper en gaan ‘n ONDERHOUD van 120-150 woorde met ‘n suksesvolle persoon voer. Vir inligting, gebruik die internet of die biblioteek. Baie tydskrifte vertel ook suksesverhale.**

**Pre-skryf**
**Wenke vir die skryf van ‘n onderhoud.**

- **Die formaat van die onderhoud is dieselfde as die van die dialoog.**
- **Die sprekers se name kom teen die kantlyn met ‘n dubbelpunt daarna.**
- **Die sprekers se woorde is in blokvorm.**
- **Laat ‘n reël tussen spreekbeurte oop.**
- **Moenie aanhalingstekens gebruik nie.**
- **Dit is ‘n formele gesprek.**
- **Onthou om ‘n kopkaart te gebruik om die onderhoud te beplan.**
- **Jou onderhoud moet uit ‘n inleiding, liggaam en slot bestaan.**

**Skryf jou onderhoud.**

- **Gebruik die eerste paar vrae om die persoon op sy/haar gemak te stel.**
- **Luister meer as wat jy praat.**
- **Vra oop vrae. Moenie vrae vra waarop slegs NEE en JA geantwoord kan word nie.**
- **Vermy geykte of standaardvrae soos: ”Waar wil jy oor 5 jaar wees?”.**
- **Moenie vrae vra wat teen die wet is, bv. oor ras, kleur, ouderdom en gebreke nie.**

**Post-skryf**

- **Lees die onderhoud aandagtig deur en maak seker dat dit reg klink.**
- **Verander waarmee jy nie tevrede is nie. Kyk na leestekens, woordorde, ontkenning, spelling, ens.**
- **Skryf die finale poging van jou onderhoud netjies oor.**
- **Tel die woorde en skryf dit neer.**





**TAAL IN KONTEKS: Tyd, sinsoorte, lidwoorde, samestelling, vraagwoorde.**

**TAALKONSTRUKSIES EN –KONVENSIES**
**Lees eers die inligting hieronder voordat jy die opdragte uitvoer.**

*SMS* **SG TOURISM** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Tourism study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



## DIE VERSKILLENDE TYE IN AFRIKAANS.

| | TEENWOORDIGE TYD | VERLEDE TYD | TOEKOMENDE TYD |
|---|---|---|---|

**SO VERANDER DIE WERKWOORDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1. | loop | het . . . . . . . . . geloop | sal . . . . . . . . . loop |
| 2. | is | was | sal . . . . . . . . wees |
| 3. | het | het . . . . . . . . . gehad | sal . . . . . . . . . hê |
| 4. | wil . . . . . doen | wou . . . . . . . . doen | sal . . . . . . wil doen |
| | kan . . . . doen | kon . . . . . . . . . doen | sal . . . . . . kan doen |
| | moet . . . doen | moes . . . . . . . doen | sal . . . . . moet doen |
| | sal . . . . . doen | sou . . . . . . . . . doen | sal . . . . . . . . . . doen |

5. Woorde wat begin met be-, ge- her-, er-, ont-, ver-, mis-, en oor-, kry nie 'n ge- voor die werkwoord nie.
6. Skeibare werkwoorde met die klem op die eerste sillabe, word een woord in die verlede tyd met die -ge- in die middel.

| | | |
|---|---|---|
| trek . . . aan | het . . . . . . aangetrek | sal . . . . . . . . aantrek |
| haal asem | het . . . . asemgehaal | sal . . . . . asemhaal |

7. Die werkwoorde in die infinitief (om . . . te) verander nooit.
   Ek besluit om te bly. Ek het besluit om te bly. Ek sal besluit om te bly.
8. Die DAWN-reël: DAN, AS, WANNEER en NOU verander na toe in die verlede tyd.
   DAN – Hy slaap, dan gaan hy swem. Hy het geslaap, toe het hy gaan swem.
   AS – As hy moeg voel, rus hy. Toe hy moeg gevoel het, het hy gerus.
   WANNEER – Wanneer hy stort, sing hy. Toe hy gestort het, het hy gesing.
   NOU – Hy gaan nou skool toe. Hy het toe skool toe gegaan.
9. Die PAUL BROWN LOVES KISSSING GIRLS – reël: PROBEER, BEGIN, LAAT, KOM en GAAN saam met 'n ander werkwoord in 'n sin, kry nie 'n ge- nie en die posisies van die werkwoorde verander nie.
   Ek probeer hard werk. Ek het hard probeer werk. Ek sal hard probeer werk.
   Hy begin die som doen. Hy het die som begin doen. Hy sal die som begin doen.
   Hy laat sy wekker lui. Hy het sy wekker laat lui. Hy sal sy wekker laat lui.
   Hy kom by my kuier. Hy het by my kom kuier. Hy sal by my kom kuier.
   Sy gaan 'n boek koop. Sy het 'n boek gaan koop. Sy sal 'n boek gaan koop.
10. Wanneer daar TWEE werkwoorde in 'n ENKELVOUDIGE sin is, sonder die voegwoord 'en' kry die werkwoord nie 'n ge- nie en die posisie verander nie.
    Ek hoor die kinders lag. Ek het die kinders hoor lag. Ek sal die kinders hoor lag.
11. Wanneer daar twee werkwoorde in 'n sin is met die voegwoord 'en' en jy kan dit gelyktydig doen, kry net die eerste werkwoord 'n ge-.
    Hy sit en slaap in die klas. Hy het in die klas gesit en slaap.
12. Wanneer daar twee werkwoorde in 'n sin is met die voegwoord 'en' en jy kan dit nie gelyktydig doen nie, kry albei die werkwoorde'n ge-.
    Hy loop en spring heeldag. Hy het heeldag geloop en gespring.
13. Onskeibare werkwoorde met die klem op die laaste sillabe, kry nie 'n ge- nie.
    Hy agtervolg haar. Hy het haar agtervolg. Sy oortuig hom. Sy het hom oortuig.

**SOORTE SINNE**


- **Stelsin: Sy werk hard.** — **Statement: She is working hard.**
- **Vraagsin: Wie werk hard?** — **Question: Who is working hard?**
- **Bevelsin: Werk hard!** — **Command: Work hard!**
- **Uitroepsin: Hoera, ek het gewen!** — **Exclamation: Hurrah, I've won!**



**Om vrae te kan vra, moet jy ook die vraagwoorde ken.**

**Wie? (Who?); Met wie? (With whom?); Wie se? (Whose?)**
**Voorsetsel + wie vir mense: Van wie? Vir wie? Aan wie? By wie? ens.**
**Waar + voorsetsel vir diere en dinge: Waaraan? Waar + vir = waarvoor?**
**Waar + met + waarmee?**
**Waarom? (Why?); Waar? (Where?); Hoe? (How?); Wanneer? (When?); Hoekom? (Why?); Wat? (What?); Hoeveel? (How much/many?); Waarheen? (Where to?); Waarvandaan? (Where from?); Die hoeveelste is dit? (What is the date?); Hoe laat is dit? (What is the time?)**






**Skryf die sinne in die tye soos aangedui.**

a. **Lisa behaal sukses in haar werk. (Verlede tyd)**
b. **Haar viool is net 'n ornament in haar slaapkamer. (Toekomende tyd)**
c. **Sy staan en kyk na die kleurvolle blare. (Begin die sin met: Gister …)**
d. **Sy leer hoe om haar hartseer te verwerk. (Toekomende tyd)**
e. **Sy hoor die wind om die hoeke van die huis huil. (Begin met: Daardie aand)**
f. **Wanneer sy sing, is sy op haar gelukkigste. (Verlede tyd)**
g. **Sy het 'n aantreklike kêrel. (Begin met: In die verlede …)**
h. **Dis harde werk om sukses te behaal. (Verlede tyd)**
i. **Haar pa sien dat sy nie gelukkig is nie. (Begin met: Daardie tyd…)**
j. **Sy moet haar drome verwesentlik. (Toekomende tyd)**



**2. Pas die soort sin in KOLOM B by die sinne in KOLOM A.**

| | |
|---|---|
| 1. Waar het jy die oulike meisie ontmoet? | a. Stelsin. |
| 2. Maak dadelik die deur toe! | b. Uitroepsin. |
| 3. Ek voel vandag gelukkig. | c. Vraagsin. |
| 4. O, ek is so gelukkig! | d. Vraagsin. |
| 5. Wie se serp lê hier? | e. Uitroepsin. |
| 6. Wonderlik! | f. Bevelsin. |



*SMS* **SG ACCOUNTING** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Accounting study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



**WOORDVORMING**
**Samestellings: Wanneer woorde wat op hulle eie betekenis het, saamgevoeg word om 'n nuwe woord te vorm, noem ons dit samestellings. Dit word as een woord geskryf.**


**3. Vorm samestellings van die volgende woorde.**

| | |
|---|---|
| a. leef + les | b. skool + vakansie |
| c. nooi + van | d. skip + bemanning |
| e. kind + been | f. sterf + uur |
| g. rib + been | h. vlieg + plak |


**4. Kyk hoeveel samestellings jy uit die prentjie kan vorm.**



**Hier is woorde wat jou kan help.**
**venster, boek, swart, tafel, vet, lees, broek, bank, klas, borsel, teëls, kind, lees, prent, vloer, hemp, ruit. Hierdie woorde kan die eerste of tweede gedeelte wees.**



**5. Vorm samestellings uit die volgende prente.**



**6. Vra vrae waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.**

a. Dit is nou <u>twee-uur</u>.
b. Ek gaan per bus <u>Kroonstad toe.</u>
c. <u>Sy</u> tree vanaand op.
d. <u>Vanaand</u> is dit die openingsaand.
e. <u>Haar emosies</u> was 'n warboel.


Download this Free Study Guide at
www.proverto.co.za
PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by
www.proverto.co.za



**DETERMINEERDERS**


**LIDWOORDE: Daar is twee lidwoorde in Afrikaans: DIE en ‘n. (Let op dat ‘n altyd ‘n kleinletter is!)**


- **Die lidwoorde word altyd voor ‘n selfstandige naamwoord gebruik.**
  **bv. ‘n Huis; ‘n Rekenaar; Die sanger, ens.**
- **Die lidwoord *‘n* word net in die enkelvoud gebruik.**
- **Die lidwoord *die* word in die enkelvoud en meervoud gebruik.**
  ***Die* sakdoek of *die* sakdoeke.**
- **As ons *die* gebruik, is dit altyd as ons van spesifieke dinge praat.**




**6. Lees die fabel en vul die korrekte lidwoorde in.**

**Eendag, lank, lank gelede was daar __ bos waar ‘n koedoe-gesin gewoon het. Dit was gevaarlik in ___ bos, want daar was roofdiere en ___ twee klein koedoetjies was ‘n lekker happie vir leeu, ___ koning van die bos. Mamma en Pappa koedoe het ___ kleintjies gewaarsku om in ___ digste deel van ___ bos te skuil wanneer hulle nie daar was nie. ___ koedoetjies het belowe, maar eendag toe hulle ouers weg was, wou hulle ___ bos gaan verken. ___ Hasie wat ook in die bos gewoon het, het hulle gewaarsku, maar hulle wou nie luister nie. Hoe verder hulle gestap het, hoe dapperder het hulle geraak. ___ ou kraagman-netjie en ___ paar leeuwyfies het hulle kans afgewag en toe ___ koedoetjies nog so lekker rondslenter, het die leeus hulle gevang en opgeëet.**







**Al wat van hulle oor was, was net hulle oortjies.**

**Toe ___ ouers terugkom, het hulle gesoek en gesoek en vir al ___ diere in die bos gevra of hulle nie hulle klein koedoetjies gesien het nie. Niemand het iets geweet nie, net ___ hasie wat hulle gewaarsku het. Dit was skilpad wat vertel het dat hy vier koedoe-oortjies in ___ bos sien lê het. ___ ouers het egter gesê dat dit nie hulle koedoetjies se oortjies kon wees nie, want hulle koedoetjies het nie oortjies gehad nie.**

**HET DIE KOEDOETJIES DIE REGTE KEUSE GEMAAK?**

*SMS* **SG AFRIKAANS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Afrikaans study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



**SKRYF EN AANBIED: 'n Verhalende of Bespiegelende opstel**

**Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde oor een van die volgende onderwerpe.**

1. **My voetspore deur die lewe.**
2. **Skryf die suksesverhaal van enige familielid of bekende.**
   **ONTHOU: 'n Mens kan ook suksesvol wees in kleiner dingetjies. Dit hoef nie iets te wees wat jou finansieel bevoordeel nie!**
3. **Wat verstaan jy onder die woord sukses?**
4. **Keuses, keuses, keuses …**
5. **Is sukses 'n waarborg vir geluk?**

**6.**



**7.**



**Pre-skryf**

**Verhalende opstel: Hou die volgende kenmerke in gedagte.**

- **'n Verhalende opstel vertel 'n storie.**
- **Dit kan fiktief wees of iets uit jou eie ervaring.**
- **Net soos in enige verhaal moet jou karakters, agtergrond en ruimte oortuigend wees.**
- **In enige opstel is logiese ontwikkeling belangrik.**
- **Die ek-verteller of derdepersoon-verteller kan gebruik word.**
- **Dit word gewoonlik in die verlede tyd geskryf, maar kan ook in die teenwoordige tyd geskryf word.**
- **Die indirekte rede kan gebruik word wanneer dit nodig is.**

**Die bespiegelende opstel.**


- **Dit is wanneer jy nadink oor 'n sekere saak.**
- **Jy gee jou redes waarom jy die situasie op 'n sekere manier sien.**
- **Dit moet logies uiteengesit word en die paragrawe moet met mekaar skakel.**
- **Jy moet oortuigend kan redeneer oor 'n saak.**
- **Die slot moet jou mening of gedagtes afsluit.**



**Skryf jou opstel.**



- **Beplan eers jou opstel deur 'n kopkaart te gebruik.**
- **Skryf nou die eerste weergawe van jou opstel.**
- **Moenie afdwaal van die onderwerp nie.**
- **Die paragrawe moet logies op mekaar volg.**
- **Die inhoud, dit wat jy skryf word uit 30 gemerk en dit is dus baie belangrik dat jy iets het om te sê.**
- **Taal word uit 15 gemerk. Let veral op woordorde, regte tyd - moenie rondspring in verlede tyd, teenwoordige tyd of toekomende tyd nie. Onthou ook die dubbele ontkenning in Afrikaans en sorg dat jou spelling korrek is. Gee aandag aan leestekens. Gebruik idiome, ens.**
- **Styl en bou van die opstel word uit 5 gemerk. Let op paragrawe, die verbinding van paragrawe, inleiding en slot.**



**Post-skryf**

- **Lees krities deur jou eerste weergawe.**
- **Verander alles waarmee jy nie tevrede is nie.**
- **Maak seker die nommer en titel van jou opstel is korrek.**
- **As jy jou opstel geredigeer het en seker is dat dit jou beste poging is, skryf dit oor as die finale poging.**
- **Tel hoeveel woorde jy gebruik het.**
- **Netjiese werk beïnvloed die leser positief.**



**TAAL IN KONTEKS: Foute wat gedurig in skryfwerk voorkom.**

**Verbeter die sinne.**

1. **Meeste studente maak foute wanneer hulle vertaal.**
2. **Dit is die eerste tyd wat dit met ek gebeur.**
3. **Die kinders hou van om sporte te speel.**
4. **As jy weet, jy moet altyd seker maak van hulle foute.**
5. **Ek was in 2004 gebore. My oom was in January gesterf.**
6. **Hy hulp my met my werk.**
7. **As ek help vra, hy is altyd daar te help.**
8. **Die verder hulle ry, die kwater hulle word.**
9. **Hulle het hulle ouers 'n groot skrik gegee.**
10. **Hy maak altyd my lag.**
11. **Sy bly agter skool, dan sy huistoe gaan.**
12. **Wat beteken jy met daardie woorde?**
13. **Hy ken nie wat dit beteken.**
14. **Ek bly met my ouers.**
15. **Ek gaan met my vriends na die flieke.**



*SMS **SG ENGLISH** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 English Language study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

## TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES




**Woordvorming: Samestellings, afleidings en samestellende afleidings.**

**Samestellings: Reeds gedoen. (bl. 13)**
**Afleidings: Wanneer 'n woord 'n voorvoegsel (pre-morfeem) of agtervoegsel (post-morfeem) kry, noem ons dit 'n afleiding.**
**Moontlik (stam) + on- = onmoontlik; ervaar + -ing + ervaring**
**Samestellende afleidings: Dis 'n woord wat ten minste uit twee woorde en 'n voor- of agtervoegsel bestaan.**
**plaas + werk + -er = plaaswerker**

**Taal in Konteks**

**1. Doen woordvorming soos aangedui.**



1. **Vorm samestellings van:**
   **vraag + stel; kalf + hok; nooi + van; kop + ent; voet + ent; hoog + skool**
2. **Vorm afleidings van:**
   **skryf ; teken; werk; held; skuld; kroon; vertoon**
3. **Vorm samestellende afleiding van:**
   **skuld + gevoel: rok + sak; brief + bus; hand + werk**



**SKRYF EN AANBIED**
**Boodskap op die internet (80 – 100 woorde)**
**Stuur van 'n e-posboodskap: Voorbeeld**



**Nickie Jordaan**

---

**From: "Lisa Beukman" <lbeukman@gmail.co.za**
**To: "Nickie Jordaan" <nickiej@cybersmaSt.co.za**
**Sent: Saterdag, Maart 14, 3:30nm**
**Subject: Viering**
**__________Message contents__________**

**Liewe Nickie**


**Kom vier saam met my die sukses van my eerste rolprent, Saterdagaand 22 Maart by my huis. Moet niks saambring nie, want daar gaan hope kos en goeie vriende wees. Kom ons vier dit met blomme in die hare en die ouens met kleurvolle T-hemde.**

**Ek sien daarna uit om jou te sien. Laat weet of jy kom.**

**Lisa**

Download this Free Study Guide at www.proverto.co.za
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by www.proverto.co.za

**Skryf nou ‘n e-pos oor een van die volgende onderwerpe. (20 punte)**



1. **Stuur ‘n e-pos aan ‘n vriend/vriendin en vra inligting oor huiswerk wat jy die vorige week gekry het.**
2. **Stuur ‘n e-pos aan Lisa.**
   **Bedank haar vir die uitnodiging en vra meer inligting.**

**TOETS JOUSELF**

**1. Doen die volgende sinne soos aangedui.**

1. **Die meeste mense wil graag suksesvol wees. (In die toekoms)**
2. **Wanneer jy jou bes doen, behaal jy sukses. (In die verlede)**
3. **Sy hoor die wind deur die blare raas. (Daardie aand)**
4. **Nou moet sy haar sorge vergeet en op die toekoms konsentreer. (Verlede tyd)**
5. **Jou drome speel ‘n belangrike rol in jou lewe. (Toekomende tyd)**
6. **Sy het pragtig viool gespeel. (Teenwoordige tyd)**
7. **Sy behoort die woorde uit haar kop te leer. (Verlede tyd)**

**2. Identifiseer die soort sin.**

1. **Doen jou werk?**
2. **Ek het genoeg selfvertroue.**
3. **Waarom was jy so laat vir die oudisie?**
4. **Ons het gewen!**


**3. Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en sê of die volgende woorde, samestellings, afleidings of samestellende afleidings is.**

1. **Lewenstandaarde**
2. **Koppenent**
3. **Verloorders**
4. **Uitskryf**
5. **Beskrywing**
6. **Meisieskool**

**4. Vra vrae waarop die onderstreepte gedeelte die antwoord is.**

1. **Die sangeres vertrek binnekort oorsee.**
2. **Die sangeres vertrek binnekort oorsee.**
3. **Sy was baie teleurgesteld omdat sy nie die rol gekry het nie.**

*SMS* **SG LIFE SCIENCE** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Life Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*



# EENHEID VIER

# Ons mooi land, Suid-Afrika!

**TAALVAARDIGHEDE**

**LUISTER EN PRAAT**
**LEES EN KYK**
**SKRYF EN AANBIED**
**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**IN HIERDIE EENHEID GAAN JY**

**Deelneem aan 'n groepbespreking na aanleiding van visuele tekste**
**'n luisterbegrip oor 'n lied doen waarna julle moet luister**
**aandagtig vir inligting in 'n artikel lees**
**taal in konteks doen**
**'n kaart bestudeer (visuele teks) en skriftelik verduidelik hoe om op 'n sekere plek uit te kom**
**'n berig vir 'n koerant skryf**
**taal in konteks doen: tye; soorte sinne; vraagwoorde; woordvorming; determineerders; verbeter sinne; woordorde; meervoude en verkleining; intensiewe vorme; homonieme; adjektiewe; lees- en skryftekens; idiomatiese uitdrukkings; geslag; idiome; vaste uitdrukkings.**

## LUISTER EN PRAAT: Groepbespreking




**Interpreteer die prente hieronder. Bespreek in julle groepe wat julle dink die renosters wil vir julle sê en wat jy daaroor voel.**



**Bestudeer die onderstaande prent, sê hoe julle daaroor voel en of samewerking en verdraagsaamheid moontlik is.**



**LEES EN KYK (LUISTER)**





- **Julle gaan nou luister na "DIS 'N LAND" van SNOTKOP, daarna gaan julle onderwyser dit vir julle voorlees.**
- **Julle mag nou die vrae deurlees.**
- **Draai nou die bladsy om en luister aandagtig wanneer die onderwyser die lied voorlees.**
- **Jy mag nou jou vraagbladsy omdraai en notas maak.**
- **Jou onderwyser gaan dit nou vir 'n tweede keer voorlees.**
- **Jy mag nou antwoorde inskryf terwyl die onderwyser dit voorlees.**
- **Jy kry dan nog 10 minute om die luisterbegrip te voltooi.**

**Sorg dat jy die volgende woorde leer sodat jy die lied beter kan verstaan.**



| Afrikaans | Engels | Afrikaans | Engels |
|---|---|---|---|
| oorvloed | *abundance* | seën | *bless* |
| strewe | *aspire to* | vrede | *peace* |
| dank | *gratitude* | klank | *sound* |
| bedoel | *mean* | Onse Vader | *The Lords prayer* |
| oomblik | *moment* | seuntjie | *laitie* |

*SMS* **SG MATHS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Maths study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

# DIS 'N LAND - Snotkop



Gee my 'n oomblik asseblief, laat ek vertel,
van 'n land waarin ek woon, drome droom, wel!
Gee my 'n oomblik en onthou van al daai dae
was net 'n *laitie* in die Vrystaat, op die plaas, ja!
Onthou daai dae van waatlemoen en potjiekos,
brandewyn en coke om die probleme op te los.
En tannie Carika op die radio wat sing
en ons skree hard vir die Bokke om die beker terug te bring, ja!
Hierdie land wat my geluk bring.

Dis 'n land van kleure en klank. Dis 'n land van oorvloed en dank. Dis 'n land waarna almal strewe.
Dis 'n land sonder horison en, dis 'n land wat weet hy kan. Ook 'n blyplek gee hy vir my.

Gee my 'n oomblik asseblief, laat ek vertel
van 'n land waarin ek woon, al die drome wat ek droom, ja!
Gee my 'n kans om te verduidelik hoe dit voel om met trots te sê ek is Afrikaans en dit bedoel.
Om 'n Bunnychow te eet en die dibajive te doen, om Huisgenoot, Stellenbosch en Mannetjies Roux
Dis die Capeflats, die kaptein Loftus toe
Maak die venster wawydoop as jy Namakwaland toer, en voel die wind.

Dis 'n land van kleure en klank. Dis 'n land van oorvloed en dank. Dis 'n land waarna almal strewe.
Dis 'n land sonder horison en, dis 'n land wat weet hy kan. Ook 'n blyplek gee hy vir my.





Gee my 'n oomblik laat ek wys
Hoekom noem ek hierdie *crazy* land nog my huis:
Die komma in jou bloed, die kombers oor Tafelberg
Altyd gedroom om te kan wees soos David Kramer
En elke liewe Sondag was dit tyd vir die Onse Vader

Seen asseblief hierdie land waarin ons woon en al die ander mense wat soos ek van vrede droom
Dis die liefde volop soos die sterre in die Klein Karoo

Dis 'n land van kleure en klank. Dis 'n land van oorvloed en dank. Dis 'n land waarna almal strewe.
Dis 'n land sonder horison en, dis 'n land wat weet hy kan. Ook 'n blyplek gee hy vir my.
Dis 'n land van kleure en klank. Dis 'n land van oorvloed en dank. Dis 'n land waarna almal strewe.
Dis 'n land sonder horison en, dis 'n land wat weet hy kan. Ook 'n blyplek gee hy vir my.
Ook 'n blyplek gee hy vir my.

Download this Free Study Guide at www.proverto.co.za
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by www.proverto.co.za

**LUISTERBEGRIP: Beantwoord nou die volgende vrae.**

| VRAE | NOTAS | PUNTE |
|---|---|---|
| 1. Waar het die sanger gewoon toe hy klein was? ______ | | (1) |
| 2. Onderstreep die korrekte antwoord. Watter TWEE kossoorte onthou hy baie goed? <br>☐ Spanspek en waatlemoen. <br>☐ Waatlemoen en skaapboud. <br>☐ Potjiekos en waatlemoen. | | (1) |
| 3. Wie het oor die radio gesing? ______ | | (1) |
| 4. Noem VIER dinge waarvoor die land bekend is. ______ | | (2) |
| 5. Is die reël: "Dis 'n land sonder horison", konnotief of denotief gebruik? ______ | | (1) |
| Motiveer jou antwoord. ______ ______ | | (1) |
| 6. Gee EEN woord oor hoe hy voel oor Afrikaans. ______ | | (1) |
| 7. Watter ander kossoort word hier genoem? ______ | | (1) |
| 8. Waar moet jy die venster wyd oopmaak? ______ | | (1) |
| 9. Soos wie wou hy graag wees? ______ | | (1) |
| 10. Waarmee vergelyk hy die baie liefde in ons land? ______ ______ | | (1) |
| 11. Waar dink jy is hy Sondae? ______ | | (1) |
| 12. Waarvan droom hy en baie ander mense? ______ | | (1) |
| 13. Dink jy drank kan jou probleme oplos? Sê JA of NEE en gee 'n rede waarom jy so sê. ______ ______ | | (1) <br>(15÷3) |

*SMS* **SG SCIENCE** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

**LEES EN KYK**

**VERSTAAN JY DIE STRUKTUUR VAN DIE DRAMA?**

**Kyk na die visuele voorstelling van die drama.**




**Skryf nou kortliks wat jy onder elke opskrif verstaan.**
**Neem nou jou voorgeskrewe drama en ontleed dit onder bostaande opskrifte.**
**Jy moet ook seker maak van die tema, stemming, dialoog, handeling, intrige, konflik, spanning, karakteruitbeelding: protagonis, antagonis en tritagonis, progressie, boodskap en toneelaanwysings wat gewoonlik skuinsgedruk is en die aanwysings gee oor die karakters en die rekwisiete.**



## TAAL IN KONTEKS

## TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Leer die volgende basiese reël vir woordorde: Dis die STOMPI- reël wat jou baie kan help, maar daar is soms uitsonderings.**




[Die seun] [skop] [dadelik] [die bal] [vinnig] [na die doelpale] [om te wen]

[Die seun] [het] [gister] [die bal] [gou] [na die doelpale] [geskop] [om te wen.]

**Bywoorde:**

**Bywoorde is beskrywende woorde wat jou meer van werkwoorde vertel.**

**Daar is: Bywoorde van Tyd. (wanneer?)**
Vandag, môre, gister, tans, nou, onmiddellik, dadelik, so pas, gewoonlik,vanoggend.
**Bywoorde van Wyse, (Hoe?)**
Gelukkig, verbaas, droomverlore, vrolik, senuweeagtig, stadig, hartseer, ingewikkeld.
**Bywoorde van Plek. (Waar?)**
Hier, daar, nêrens, êrens, tuis, binne, buite, daarnatoe, hiernatoe, verder, nader.



## TAAL IN KONTEKS

**Begin die sinne met die onderstreepte woorde.**

1. **Dit is lekker <u>om 'n wildreservaat te besoek.</u>**
2. **Ons het <u>laatmiddag</u> by een van die watergate gaan sit.**
3. **Die olifante het <u>heerlik</u> in die modder rondgerol.**
4. **Die vlakvarke het, <u>stertjies in die lug,</u> gespeel.**
5. **Miskien skuil '<u>n leeu</u> in die bos, digby die watergat.**

**Verbeter die sinne deur die dele in hakies in die regte volgorde te skryf.**

1. **Die veldwagter (gister, gesit en wag, agter die boom, het)**
2. **Elke week (die wilddiewe, oor die grens, sluip)**
3. **Om te praat (niks, nie, verander, sal, aan die situasie)**
4. **Die polisie (alles in hul vermoë, om te slaag, doen)**

SMS SG TOURISM to 40935 followed by your email address to receive your free Gr 12 Tourism study guide in your inbox. (SMS costs R3)

5. Die renoster (elke oomblik, wees, in gevaar, sal)
6. Die renoster (nie aggressief, nie, gewoonlik, is)
7. Hulle (onmiddellik, moet, maak, om die renoster, ‘n plan, te red)
8. Die ondersteuners (senuweeagtig, oor die situasie, voel)



**TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Bestudeer eers die volgende voorbeelde voordat jy die oefening aanpak.**

**MEERVOUDE**

1. Woorde met tweeklanke kry –e: duime, diere.
2. Woorde met dubbel vokale, een val weg: boom-bome; baan-bane, ens.
3. Woorde met kort vokaal kry dubbel vokale: blom-blomme, kam-kamme, ens.
4. Woorde op –ig, kry –te: lig-ligte, plig-pligte.
5. Woorde met 2 vokale met f, f val weg: stoof-stowe, kreef-krewe.
6. Woorde met kort vokaal met f, f val weg en kry ww: sif-siwwe, bof-bowwe.
7. Woorde met een –e kry nog ‘n –ë: knie- knieë, vlieg-vlieë.
8. Woorde wat eindig op i, o, u en á, kry –‘s: foto-foto’s, pa-pa’s, mini-mini’s.

**VERKLEINING**

1. Woorde met 2 vokale of 2 lettergrepe + l,r,n kry –tjie: stoel-stoeltjie, tafel-tafeltjie.
2. Woorde wat op –d of –t eindig, kry –jie: hond-hondjie, kat-katjie.
3. Woorde wat op –s, -k, -p, -g en –f eindig, kry: -ie, huis-huisie, boek-boekie, duif-duifie.
4. Woorde met dubbel vokale: aa, ee, oo, uu. - een vokaal val weg en kry –ie: skaap-skapie, neef-nefie.
5. Woorde met lang vokaal of 2 lettergrepe wat op –m eindig kry –pie: besem-besempie; soom-soompie.
6. Woorde met 2 of meer lettergrepe eindig op -ng. verloor die g en kry –kie: doring-dorin- kie, piesang-piesankie.
7. Woorde wat eindig op i, o, u en á, kry –‘tjie: skadu-skadu’tjie, mini- mini’tjie

**Gee nou die meervoude of verkleining van die woorde tussen hakies.**

1. Die (klein olifant) is die oulikste (dier).
2. Dit is ‘n (klein bul) en al die (olifantkoei) is gaande oor hom.
3. Die (vlieg) sit op die diere se (skof).
4. Dit is een van die (plig) van die (veldwagter) om na die gesondheid van die wild om te sien.
5. Die (fotograaf) neem (foto) van die trop (rooibok).
6. Die (klein duif) en die ander (duif) sit in die (klein boom).
7. Die klein (leeu) lê in die (klein skadu).

**Gee die meervoude en verkleining van die volgende woorde.**

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleining | Enkelvoud | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|---|---|---|
| waarheid | | | hawe | | |
| skip | | | stad | | |
| speelding | | | blad | | |
| pad | | | spel | | |
| gat | | | Engelsman | | |
| glas | | | hemp | | |
| wa | | | lid | | |
| hemp | | | skilpad | | |
| koning | | | woonstel | | |
| lid | | | droom | | |

Download this Free Study Guide at **www.proverto.co.za**

PROVERTO
Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers

Laai hierdie Gratis Studiegids af by **www.proverto.co.za**



## TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES
### Soorte sinne

**Skryf die sinne oor in bevelsinne.**

1. Hy vang die stroper.
2. Die man bekyk die olifant.
3. Die toeriste geniet die nagrit.

**Skryf die sinne oor in vraagsinne.**

1. Die veearts dokter die olifant se poot.
2. Hulle drink water by die rivier.
3. Hulle neem foto's van die apies.

**Gee die intensiewe vorme van die woorde tussen hakies.**

1. Die (baie hoog) berg maak my duiselig.
2. Die gastehuis in die kamp is (baie goedkoop), nie (baie duur) nie.
3. Sy het haar (baie lam) geskrik toe die leeu skielik brul.
4. Die veldwagter is (baie verlief) op die (baie mooi) meisie.
5. Daar is 'n (baie breed) verskil tussen 'n wildtuin en 'n dieretuin.


**Maak 'n sin met die onderstreepte woord (homonieme) sodat dit 'n ander betekenis het.**

1. Dit is 'n nou paadjie.
2. Die deur is oop.
3. Sy beursie is van leer.
4. Die ongeduldige toeris blaas die toeter.
5. Sy ken die diere baie goed.
6. Die kamp het 'n prys gewen.
7. Die kalfie is te lui om te loop.
8. Die rooibokooi het 'n lam.
9. Die voëls sit op die skof van die buffel.



## TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES
### Adjektiewe

> VOOR 'n selfstandige naamwoord (attributief) eindig die woord dikwels op 'n –e, bv. Jag is 'n veeleisende sportsoort.
> Na 'n selfstandige naamwoord (predikatief) kry die woord nooit 'n -e nie, bv. Jag is veeleisend.
> Die meeste kort adjektiewe, ook kleure kry nie 'n –e nie, bv. Die vet vark. Dis 'n mooi rok.
> 'n Lang woord wat op –er eindig, kry nie 'n –e as dit voor die selfstandige naamwoord staan nie, bv. Die partytjie is lekker. Die lekker partytjie.
> Ons las –e aan 'n lang woord wat uit meer as een sillabe bestaan, bv. Hy doen ongelooflike toertjies.
> As kort woorde op 'n d, f of g eindig, verander die spelling in die attributiewe vorm, bv. goed-goeie; lief-liewe; dood-dooie; dof-dowwe; sag-sagte; droog-droë; moeg-moeë; laag-lae; koud-koue; vroeg-vroeë; doof-dowe.



## TAAL IN KONTEKS
**Gee nou die korrekte vorm van die adjektiewe/byvoeglike naamwoorde tussen hakies.**

1. Die (gewetenloos) wilddiewe ontsien niks nie.
2. Die veldwagters het verstom na die (dood) renoster gestaar.
3. In die (dof) lig kon hulle nie goed sien nie.

*SMS* **SG ACCOUNTING** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Accounting study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

4. Die (helder) lig van die flits het die (grusaam) toneel verlig.
5. Hulle moes nou 'n (goed) plan beraam om die skuldiges vas te trek.

**Voltooi die sinne deur die korrekte lees- en skryftekens in te vul.**

1. sy se sy wil nie meer so baie radio programme luister nie
2. wie het renosters olifante leeus luiperds en buffels gesien
3. in die vroee more is daar baie lewe by die waterpanne soos vlakvarke rooibokke koedoes en wildebeeste
4. sy se maak dadelik die bed op
5. ek wou nog vra maar

**Voltooi die uitdrukkings.**

1. Ons sal deur dik en _______ by ons land staan.
2. Die mense kom van heinde en _______ om die blommeskouspel te sien.
3. Vroeër of ______ sal die stropers gevang word.
4. Hy het sak en ____ oorsee vertrek.
5. Hulle het af en _____ die wildtuin besoek.
6. Die stroper vertel 'n leuen sonder om te blik of te _____ .
7. Ons moet die stropers vang, buig of ______ .
8. Hy het hand en ____ belowe om die stropery stop te sit.
9. Hy het heen en _____ in die vertrek geloop.
10. Hy wik en ______ nog of hy die waarheid gaan vertel.

**Gee die teenoorgestelde geslag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| leeumannetjie | | bulkalfie | |
| koedoebul | | sebrahings | |
| rooibokram | | varkbeer | |
| seekoeibul | | reun (hond) | |

**LEES EN KYK**



**Jy gaan nou die ARTIKEL deurlees en die vrae beantwoord.**

**Pre-lees:** Bestudeer eers die woordeskat. Kyk ook altyd na die titel en jy behoort dadelik te weet waaroor hierdie artikel gaan.



**Selfstandig lees.** Lees die artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**WOORDESKAT**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **spatsels** | *splashes* | **kielie** | *tickles* |
| **skouspel** | *spectacle* | **uitgestrekte** | *stretched out* |
| **mengelmoes** | *hodgepodge* | **verneuk** | *cheat* |
| **ruwe** | *rough* | **soebat** | *beg / plead* |
| **sintuie** | *senses* | **streel** | *stroke / caress* |

# NAMAKWALAND, SPROKIESLAND!

Het jy al ooit Namakwaland besoek – jy wil dit nie misloop nie! **Deur Maria Steenkamp**

**Ek staan op Namakwaland se aarde, oortrek van veldblomme. Ek drink die kleure en tek-sture in en dit voel vir my asof ek op heilige grond staan. Vir so ver as die oog kan sien, is dit 'n skouspel van kleur, soms spatsels, 'n bonte mengelmoes, dan weer lappe geel en pers, pienk, oranje en wit, noem maar op…**



**Sonder die blomme is Namakwaland nog mooi, maar dis 'n ruwe soort skoonheid, semi-woestyn met uitgestrekte vlaktes en die dramatiese berge op die agtergrond.**

**Maar in hierdie ruwe wildernis lê die saad van ten minste 4000 plantspesies wagtend in die dorre aarde.**

**Na die winterreëns kruip miljoene veld-blomme uit en verander die droë landskap in 'n towerland van kleur. Jy asem diep in, want hier moet jy jou sintuie gebruik om regtig die wonder te verstaan. Dis nie net jou oë wat hierdie fees kan geniet nie, maar die warm geure kielie jou neus en as jy afbuk en jou hande oor die blomme streel, voel jy die ver-skillende teksture van vygies, kalkoentjies, driekleurige sparaxis, kannetjies, gous-blomme en talle ander. En as die windjie die blomme roer, luister jy na 'n simfonie.**

**Maar luister net na die plekname: Garies, Springbok, Kamieskroon, Hondeklipbaai, Skilpad Veldblom-reservaat, Leliefontein, Vioolsdrift, Nababeeb, Soebatsfontein, Okiep Pofadder, Verneukpan en Aggeneys. Dis aardse name wat vir jou iets van Namakwaland sê. En dan is daar Spektakelberg wat sy naam van Simon van der Stel gekry het. Hy kon sy verbasing oor soveel skoonheid nie anders uitspreek as: "What 'n spectacle!"nie. Dit is direk vertaal, maar kan ook vertaal word as, skouspel.**



**Die werklike blommeskou tref ons veral aan rondom Garies, Springbok, Kamieskroon en Port Nolloth, maar die veldblomme is versprei oor die hele Noordkaap.**

**Die beste tyd om die blommeland te besoek, is tussen Julie en Oktober, maar alles hang van die weer af. Dit gaan jou ten minste drie dae neem om die roetes te ry, per motor of bus. Daar is ook baie staproetes.**

**Bespreek vroegtydig, want dis 'n toeriste-paradys en alhoewel daar baie verblyf is, wil jy verseker nie teleurgesteld omdraai nie.**











## Hoe goed het jy die artikel verstaan?

**1. Wat is die grootste aantrekkingskrag in Namakwaland? (1)**

**2. Die kleur en soort blomme word saamgegroepeer.**

*SMS* **SG AFRIKAANS** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 Afrikaans study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

2.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
2.2 Motiveer jou antwoord in 2.1 deur EEN woord aan te haal. (1)

3. Verduidelik wat jy verstaan onder "lappe" geel en pers, ens. (1)

4. Waarom is daar 'n ellips (weglatingspuntjies) aan die einde van die eerste paragraaf? (1)

5. Watter kontras tref ons in Namakwaland aan? (1)

6. Daar is baie bome en bosse in Namakwaland.

   6.1 Stem jy saam? Sê net JA of NEE. (1)
   6.2 Haal VIER woorde aan om jou antwoord te bewys. (1)

7. Waarvoor wag die saadjies wat in die dorre aarde lê? (1)

8. Watter EEN van hierdie sintuie gebruik jy NIE? Skryf uit. (1)

   - Reuksintuig
   - Smaaksintuig
   - Gesigsintuig
   - Tassintuig
   - Gehoorsintuig

9. Waarom dink jy is die naam van een van die plekke, Verneukpan? (1)

10. Hoe het Spektakelberg sy naam gekry? (2)

11. Waar is Namakwaland geleë? (1)

12. Hoe lank gaan dit jou neem om die verskillende roetes te ry? (1)
[15]



**SKRYF EN AANBIED**

Jy het nou 'n voorbeeld van 'n ARTIKEL in 'n tydskrif gelees en vrae daaroor beantwoord.
Jy gaan nou 'n koerantberig skryf, maar kyk eers na die formaat van die koerantberig. (120 – 150 woorde)

**ONDERWERPE**

1. Skryf 'n berig oor stropers wat 'n renoster van haar horing beroof het en die kalfie wees agtergelaat het.
2. Jy was teenwoordig toe stropers deur die veldwagters en die polisie op heterdaad betrap is.

Download this Free Study Guide at www.proverto.co.za
PROVERTO Educational Publishers • Opvoedkundige Uitgewers
Laai hierdie Gratis Studiegids af by www.proverto.co.za

**Koerantberig**
**Pre-skryf**

**ONTHOU:**



- **Die opskrif/kop moet treffend, kort en kragtig wees en dadelik die oog van die leser vang.**
- **Gebruik veral werkwoorde en selfstandige naamwoorde en laat lidwoorde waar nodig uit.**
- **Die eerste paragraaf moet die nuuskierigheid van die leser prikkel.**
- **Die WIE, WAAR, WANNEER en HOE is in die eerste par. belangrik.**
- **Die volgende paragrawe sal dan die volledige feite gee.**
- **Beskrywende woorde kan in die teks gebruik word.**
- **Dit is formeel. Die Verslaggewer se naam verskyn aan die begin en die naam van die plek.**
- **Voorbeeld:**

**WOEDENDE OLIFANT EIS LEWE**

**ANSA VENTER**

**Malelane**

**Par. 1: Wie, waar, wanneer en hoe?**
**Par. 2 en volgende: Gee volledige feite.**
**Slot: Eindig die berig.**



**Skryf jou koerantberig.**

- **Beplan goed deur 'n kopkaart te gebruik.**
- **Volg die formaat.**
- **Moenie afdwaal van jou onderwerp nie.**
- **Paragrawe moet logies op mekaar volg.**

**Post-skryf**

- **Lees krities deur jou berig.**
- **Maak seker die nommer en titel is korrek.**
- **As jy jou berig geredigeer het en seker is dit is jou beste poging, skryf die finale poging.**
- **Tel hoeveel woorde jy gebruik het.**

**WOORDESKAT**
**Die woordeskat is vir die volgende oefening. Slaan die woorde in die woordeboek na.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| verkeerslig<br>stop- toegeeteken<br>t-aansluiting<br>afrit/te<br>ry in die straat op/af | | aan die regterkant<br>aan die linkerkant<br>draai regs/links<br>op die hoek van<br>sirkel | |

*SMS* **SG ENGLISH** *to* **40935** *followed by your* **email address** *to receive your free Gr 12 English Language study guide in your inbox. (SMS costs R3)*

## LEES EN KYK

**Jy gaan nou die kaart bestudeer en dan gaan jy 'n roete neerskryf wat jy na 'n plek moet volg. Daarna gaan jy dit aan 'n maat verduidelik.**




- **Hier is 'n kaart van die dorpie, LUSHOF.**
- **Gebruik die visuele teks en skryf nou die roete neer wat jy sal volg as jy vanaf die hoofstraat na die gastehuis langs die rivier wil ry.**
- **Dui verkeersligte, afritte en landmerke aan die regterkant of linkerkant, aan.**
- **Gebruik straatname, verkeerslig, toegeeteken, ens., om dit makliker te vind.**
- **Laat jou maat nou die roete met 'n potlood volg.**
- **Maak beurte om verskillende roetes te verduidelik.**



**TOETS JOUSELF**

**Doen die volgende oefeninge om seker te maak jy ken jou werk.**


1. **Begin die sin met die onderstreepte woorde.**
   1. Die meisie verwonder haar aan die blomme.
   2. Dit is baie lekker om deur Namakwaland te ry. **(2)**

2. **Maak van die volgende sin 'n bevelsin en dan 'n vraagsin.**
   1. Hulle betrap die stropers op heterdaad. **(2)**

3. **Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.**

   Hulle het hulle a. (kamera) gereed om b. (goed) c. (foto) te neem. In hulle d. (sak) is ook e. (benodigheid) vir die f. (dag) wat hulle daar gaan wees. Natuurlik moet hulle ook sorg dat daar vir g. (eet + tyd) kos is, h. (ander/anders) sal hulle nie genoeg energie hê nie. Hulle sien 'n klein i. (eekhoring) wat j. (neut) onder die k. (boom) soek. Hy hardloop heen en l. ( ____ ) Daar staan ook 'n klein m. (renosterbul) wat hulle graag wil fotografeer. Hy is nogal n. (baie vet) en seker o. (baie swaar), maar hy lyk p. (baie mak). Hulle kan nie waag om q. (naby) aan hom te gaan nie, want die r. (waaksaam) koei sal hulle aanval en sy is s. (baie sterk). Hulle geniet t. ( __ ) (voornaamwoord) ondervinding in die buitelug. **(20)**

4. **Maak elke keer twee sinne met verskillende betekenisse.**



   Nou/nou; weg/weg; bos/bos; deur/deur; blaas/blaas; ken/ken; leer/leer. **(14)**

**TAAL IN KONTEKS**

6. **Voltooi die volgende idiome en slaan die betekenis in jou woordeboek na. Gebruik dit in julle skryfstukke.**

   1. Jakkals prys sy eie s_________ .
   2. Die a____ is uit die mou.
   3. Agteros kom ook in die k______.
   4. Jou kop in 'n b___ steek.
   5. Van die g____ af maak.
   6. Die h____ kies.
   7. Blaffende h__ byt nie.
   8. Daar's 'n s___ in die gras.
   9. Hy is nie onder 'n k__ uitgebroei nie.
   10. Al sy v___ is nie op hok nie.
   11. 'n Halwe e____ is beter as 'n leë d___.

7. **Voltooi die volgende intensiewe vorme en uitdrukkings.**

   1. Die rivier is kant en w__ . *(baie vol)*
   2. Die kameelperd het 'n *(baie lank)* nek.
   3. Die veld is *(baie droog).*
   4. Ek het die tog met dapper en s_______ aangepak.
   5. Ons moet stropery met wortel en t___ uitroei.
   6. Die water in die rivier is (baie skoon).
   7. As dit droog is, is die panne *(baie leeg).*
   8. Sommige plante is *(baie bitter).*
   9. Die wildtuine is altyd *(baie vol),* want dit is gewild.
   10. Ons deel mekaar se lief en l___.

SMS **SG LIFE SCIENCE** to **40935** followed by your **email address** to receive your free Gr 12 Life Science study guide in your inbox. (SMS costs R3)